

# **TAALKEUSE AS IDENTITEITSMERKER IN DIE ROLPRENT *TSOTSI***

**Yzelle E. du Plessis**

Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad van  
Magister in die Lettere en Wysbegeerte aan die Universiteit van Stellenbosch.



**Studieleier: Dr. Ondene van Dulm**

**Maart 2008**

Deur hierdie tesis elektronies in te lewer, verklaar ek dat die geheel van die werk hierin vervat, my eie, oorspronklike werk is, dat ek die outeursregeienaar daarvan is (behalwe tot die mate uitdruklik anders aangedui) en dat ek dit nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik, ter verkryging van enige kwalifikasie aangebied het nie.

Datum: 28 Februarie 2008

## OPSOMMING

Die merkwaardige storie van Tsotsi as 'n bendelid in die rolprent *Tsotsi* bied geleentheid vir die analise van talle voorbeelde van taalvariasie en van taalkeuse as 'n merker van identiteit. Die situasies en kontekste wat in die rolprent weergegee word definieer tot 'n mate die sprekers se keuse van taal of variëteit. Faktore spesifiek tot die konteks wat hierin 'n rol speel sluit in geslag, funksie, geografiese ligging, sosiale klas, en ouderdom. Die hoofkarakter Tsotsi is 'n bendelid wat in Sophiatown buite Johannesburg bly. Die term "tsotsi" verwys oor die algemeen na iemand wat stylvol voorkom, maar met 'n agtergrond van gevaarlike avontuur; die karakter wat deur Tsotsi gespeel word is 'n self-gemaakte man, suksesvol in terme van die bende-kultuur van areas soos Sophiatown. Die rolprent fokus op ses dae van hierdie jong bendelid se lewe, waar hy sy menslikheid herontdek deur verskeie uitdagings en persoonlike verhoudings; hy ontdek menswaardigheid en die vermoë om lief te hê deurdat hy vir 'n baba moet sorg wat per ongeluk ontvoer word tydens 'n motorkaping, deur sy vriendskap met die vrou wat hy forseer om die baba te versorg, en uiteindelik deurdat hy sy herinneringe aan sy verlede moet konfronteer. Tsotsi se moedertaal is Sotho, maar Flaaitaal is die taal wat hy in sekere kontekste kies om sy identiteit as tsotsi te merk. Hierdie studie fokus op die taalvariasie wat tipies is van Suid-Afrika soos dit deur die taalkeuses van verskeie karakters in die rolprent voorgestel word. 'n Analise word aangebied van taalkeuses wat 'n rol speel in die definiëring van die identiteite van die karakters in verskeie kontekste, soos die gebruik van Flaaitaal onder die benedelede self, wat na Sotho oorslaan in situasies waar die meer sosiaal-aanvaarbare aspekte van hul identiteit uiteengebeeld behoort te word, en die gebruik van Sotho deur die blanke polisiekaptein as hy die Sotho ouers van die ontvoerde baba aanspreek. Dit is hierdie funksie van taalkeuse as 'n merker van identiteit wat die fokus vorm van hierdie studie.

## SUMMARY

The remarkable story of Tsotsi as a gangster in the movie *Tsotsi* offers several examples of language variation and of language choice as a marker of identity. The situations and contexts portrayed in the movie define, to some extent, the choices of language or variety speakers make. Context-specific factors playing a determining role include gender, purpose, geographical location, social class, and age. Tsotsi, the main character, is a gangster living in Sophiatown, a township outside Johannesburg. The term “tsotsi” generally refers to one who is well-dressed and stylish, but with an undercurrent of dangerous adventure; the character portrayed by Tsotsi in the movie is a self-made man, successful in terms of township gangster culture. The movie traces six days in the life of this young hoodlum, who rediscovers his humanity through various challenges and personal relationships in his surroundings; he finds dignity and the capacity to love through having to take care of a baby accidentally kidnapped during a car hijacking episode, through his friendship with the young woman he forces to take care of the baby, and ultimately through confronting haunting memories of his past. Tsotsi’s mother tongue is Sotho, but Flaaitaal is his language of choice in certain contexts, marking his identity as a tsotsi. This study considers the language variation typical of South Africa, as exemplified by the language choices made by the various characters in the movie. An analysis is offered of the language choices which play a role in defining the identities of the characters in various contexts, such as the use of Flaaitaal by the gangsters among themselves, who switch to Sotho when the more socially acceptable aspects of their identities should come to the fore, and the use of Sotho by the white police captain while interviewing the Sotho parents of the kidnapped baby. It is this function of language choice as a marker of identity that is the focus of the present work.

## INHOUDSOPGAWE

<b>Hoofstuk 1:</b>	Inleiding	1
<b>Hoofstuk 2:</b>	Die rolprent <i>Tsotsi</i>	8
2.1	Taalvariasie in Suid-Afrika	8
2.2	Gesproke vs. geskrewe media	11
2.3	Keuse van variëteit	12
2.4	Tsotsitaal/Flaaitaal	12
2.4.1	Oorsprong van Flaaitaal	14
2.4.2	Persone wat aan Flaaitaal gekoppel word	16
2.4.3	Sprekers van Flaaitaal	19
2.5	Gebruik van Flaaitaal deur vrouens	20
2.6	Flaaitaal en Afrikaans	21
2.7	Flaaitaal naas ander taalsoorte	22
3.	<b>Hoofstuk 3: Taalkeuses</b>	23
3.1	Kode-merkers	25
3.2	Faktore in taalkeuses	27
3.2.1	Konteks	27
3.2.2	Doel	28
3.2.3	Geografiese ligging	30
3.2.4	Sosiale klas	30
3.2.5	Ouderdom	31
3.2.6	Geslag	33
3.3	Identiteit	34
3.4	Etnisiteit	35
<b>Hoofstuk 4:</b>	Analise van taalkeuses in die rolprent <i>Tsotsi</i>	38
4.1	Taalkeuse as identiteitmerker	39
4.1.1	Spreker se gedeelde sosiale identiteit	39
4.1.2	Uitsluiting van ongenooide spreker-hoorder	40
4.1.3	As teken van sosiaal-aanvaarbare identiteit	41
4.2	Kultuur-gebonde taalkeuses	42
4.2.1	In die hospitaalkamer	42
4.2.1.1	Kaptein Smit	42
4.2.1.2	Mevrou Dube	43

4.2.1.3 Meneer Dube	43
4.2.1.4 Die konstabel	44
4.2.2 Tsotsi en die bedelaar by die treinstasie	44
4.2.3 Fela en die vier bendelede	45
4.3 Taalkeuse as sosiale meganisme	46
4.3.1 Om sosiale afstand aan te toon	46
4.3.2 Uitsluiting	46
4.4 Invloed van taalkeuse	47
4.4.1 Tsotsi as kind	47
4.4.2 Sotho as taalkeuse en die invloed daarvan	48
4.4.3 Tsotsi en Flaaitaal	48
4.5 Samevatting	50
<b>Hoofstuk 5: Slot</b>	<b>51</b>
<b>Verwysings</b>	<b>53</b>
<b>Bylaag: Enkele terme en sinne in Tsotsitaal</b>	<b>54</b>

# HOOFSTUK 1

## INLEIDING

Hierdie studie handel oor taalkeuse as merker van identiteit in die rolprent *Tsotsi*. In 'n veeltalige konteks soos Suid-Afrika kan taalkeuse as identiteitsmerker op verskillende maniere funksioneer. Die doel van hierdie studie is om die taalkeuses van verskeie karakters in die rolprent *Tsotsi* te ondersoek in terme van die rol van sulke keuses as identiteitsmerkers. Daar sal ook gekonsentreer word op die verband tussen Flaaitaal en ander tale wat deur Suid-Afrikaners gepraat word. Die waarde van so 'n studie lê in die analisering van die keuses van tale en variëteite as identiteitsmerkers. 'n Belangrike vraag wat aangespreek word, is: Waarom sou mense Flaaitaal bo hulle moedertaal, wat (deel van) hulle identiteit aandui, in sekere kontekste verkies?

In die rolprent *Tsotsi*, byvoorbeeld, word taalkeuses in verskillende kontekste gebruik om 'n eie identiteit uit te druk. Volgens die algemene media word die rolprent *Tsotsi* as "eg Suid-Afrikaans" beskryf en daarom is dit ook makliker vir die kyker om hom/haarself met die karakters in die rolprent te assosieer. Die gevalle waar die hoofkarakter, Tsotsi, hom moet laat geld as bendelid en dan die taalvorm van die tsotsis kies om sy identiteit te merk, dien as goeie illustrasie van die rede waarom karakters taalkeuses moet maak in verskillende kontekste. Tsotsi verskyn in verskillende kontekste, en maak verskillende taalkeuses. Byvoorbeeld, as hy met sy vriende praat, praat hy Flaaitaal; as hy met Meneer Dube praat, praat hy Sotho. Die rede vir die verskil in taalkeuses is dat hy sy identiteit as tsotsi beklemtoon as hy met sy vriende praat, terwyl hy sy identiteit as Sothospreker wil beklemtoon as hy met Meneer Dube praat. Die wyse waarop Tsotsi sy taalkeuse as merker van sy identiteit gebruik is kenmerkend van 'n persoon wat wil seker maak dat sy gehoor hom sal aanvaar vir wie en wat hy is.

In die rolprent *Tsotsi* het ons te doen met verskeie kultuurgroepe (byvoorbeeld, welgestelde swart mense, blanke en kleurling polisiebeamptes, 'n hulpbehoewende bedelaar, ensovoorts) en dan verdere sub-kulture soos die tsotsis/bendeledede, en die mense in Sophiatown wat alles probeer doen om hul lewens te verbeter (byvoorbeeld,

Miriam). Interkulturele kommunikasie vind vanselfsprekend plaas in die kontekste waar hierdie groepe en individue met mekaar in aanraking kom.

Die taalverskeidenheid in Suid-Afrika kom onder die kollig in hoofstuk 2. Daar word spesifiek aandag gegee aan die taalvariëteite van die verskillende gemeenskappe en kultuurgroepe soos uitgebeeld in die rolprent. Verder word ook in besonderhede aandag gegee aan die variëteit bekend as Flaaitaal: hoe het dit ontstaan, wie praat dit en waarom kies mense dié variëteit as kommunikasiemiddel? Verder word daar ook kortliks ingegaan op die gebruik van Flaaitaal onder vrouens en op die vraag of Flaaitaal enige verbintenis met Afrikaans het. "Flaaitaal" is 'n ander term vir "tsotsitaal", en die gebruik van die twee terme is tot 'n mate geografies versprei.

Die teoretiese raamwerk word in hoofstuk 3 uiteengesit. Daar word onderskei tussen taal en taalkeuse en tussen gemarkeerde en ongemarkeerde gedrag. Faktore wat 'n rol speel in taalkeuses, soos konteks, doel, geografiese ligging, sosiale klas, ouderdom, geslag, identiteit, etnisiteit, nasionalisme, en individue en gemeenskappe word uiteengesit. In hoofstuk 4 word daar gekyk na die verskillende funksies wat taalkeuse kan verrig met die klem op taalkeuse as identiteitsmerker. Daar word ook verskillende voorbeelde uit die rolprent gehaal van kontekste waar die keuse van Flaaitaal dien om die spreker se gedeelde identiteit met ander in 'n gesprek uit te druk. In dieselfde of 'n ander konteks mag die keuse van Flaaitaal dien om eie identiteit, nie gedeel met sekere sprekers in die gesprek nie, uit te druk. Laastens word daar in die slothoofstuk, hoofstuk 5, 'n opsomming gegee van die belangrikste bevindings van die ondersoek.

Ter agtergrond volg hier 'n kort opsomming van die vernaamste gebeure in die rolprent *Tsotsi*. Die rolprent is in Soweto, Johannesburg verfilm. Dit handel oor 'n jong swart seun in sy laat tienerjare, 'n Sophiatown bendelid, wat die strate verken en vrees wek onder die mense om hom. Die prent is gebaseer op 'n verhaal van Athol Fugard (1980) wat afspeel in die 1950's. Die seun bly in Soweto in 'n sinkhuis, hy is 'n tsotsi. Die term "tsotsi" verwys algemeen na jeugdige swart misdadigers (Bothma 1952:23). Dit is egter 'n aanvanklik sekondêre betekenis wat deur persone wat buite die tsotsi-geledere staan, daaraan gegee is. Binne die gemeenskap van die tsotsis beteken die woord "tsotsi" in die eerste instansie 'n broek waarvan die pype nou is (skerp gemaak of "getsotify" is), en in die tweede plek 'n persoon wat die mode van die "skerp broek" navolg (Bothma



1952:23). Chambers stel voor dat dié woord afgelei is van óf Suid-Sotho *ho tsotsa* (om skerp te maak) óf "zoot suit", na aanleiding van die Amerikaanse zoot-suit-bendes, wat 'n soortgelyke mode nagevolg het (Bothma 1952:24).

Alleen en verstoot deur sy vriende hanteer Tsotsi die lewe soos hy dit ken, totdat 'n onbeplande gebeurtenis hom tot vreemde insigte bring. Die storie is 'n ontstellende visie vanuit die skrywer Fugard (1980) se perspektief hoe dit in 'n swart ghetto lyk, met 'n helder insig in die tsotsi-wêreld. Voorstellings word merkwaardig getrou weergegee in die verarmde Johannesburgse "shantytown" lokasies. Die jong man, Tsotsi, kruip agter 'n masker van woede weg. Die gehoor verstaan die feit dat sy lewe nie maklik is nie.

'n Beplande motorkaping word tussen Tsotsi en sy drie vriende, Aap, Butcher en Boston gereël. Dié soort bedrywighede is waaruit hulle lewens as tsotsis bestaan, volgens die rolprent. Na die motorkaping vind Tsotsi 'n baba in die motor wat dan sy lewe onvermydelik beïnvloed en sy sagter kant in beroering bring. Die gevolg is dat hy kies vir die regte kant van die lewe, en besef dat dit wat hy en sy tsotsi vriende mee besig is, verkeerd is. Die gestelery, moord, drinkery en die feit dat hy nou met iemand anders se baba in sy verantwoordelikheid sit, maak die besef in hom wakker dat hy nie vir die kind kan sorg nie en iets omtrent die situasie moet doen. Intussen weeg die transformasie van Tsotsi op teen die rol wat Miriam, die meisie van wie hy hou, speel.

Die rolprent skop af met 'n tipiese tsotsi-insident. Tsotsi en sy vriende sit en dobbel. Butcher, Aap en Boston speel vir geld. Boston vra vir Tsotsi wat hulle daardie aand gaan doen. Tsotsi en sy vriende gaan die aand na die treinstasie toe waar hulle 'n ou man met baie geld gewaar. Hulle steek die ou man op die trein met 'n skerp voorwerp dood en steel sy geld. Liebenberg (2006:3) skryf in *Beeld* dat 'n insident soos dié nie 'n weerspieëling van die algemene Suid-Afrikaanse konteks is nie, maar wel 'n eerlike weerspieëling van 'n deel van Suid-Afrika. Nadat Tsotsi en sy vriende weg is by die stasie, ontmoet hulle in Soekie se sjebeen ('n smokkelkroeg). Boston is ontsteld oor die gebeure op die trein en bevraagteken Tsotsi se dade. Boston stel dit duidelik aan Tsotsi dat die feit dat Butcher die man op die trein doodgesteek het vir hom onaanvaarbaar is en dat hy siek voel daaroor. Hy sê ook dat dit glad nie deel van hulle plan was nie. Boston praat weer oor die man wat doodgesteek is en sê dit bloei in hom as gevolg van die man se dood. Hy sê die man het 'n lewe gehad en hulle het dit weggeneem. Boston

vra ook dan vir Tsotsi heel persoonlike vrae. Hy wil weet wat Tsotsi se regte naam is. Hy vra aan Tsotsi wie sy pa is en waar sy pa is. Boston maak dan die fout om Tsotsi 'n hond te noem. Die feit dat Boston Tsotsi beledig het maak al die seer in hom wakker. Dit is hier waar Tsotsi opvlieg en Boston in die gesig slaan. Boston slaan agteroor nadat die eerste hou hom tref en val op die grond. Tsotsi is dadelik by hom en slaan weer en weer na Boston. Boston is half bewusteloos want hy het nie hierdie reaksie van Tsotsi verwag nie en kan homself dus nie beskerm nie. Tsotsi hou net aan met slaan totdat hy moeg word en terug tree. Boston lê roerloos op die grond terwyl die omstanders na Tsotsi staar as hy doodluiters by die sjebeen uitstap.

Na die voorval met Boston, hardloop Tsotsi weg en bevind hom alleen in die wêreld. Sy kinderdae haal hom in. Die belediging herinner hom aan sy pa en die verband met dié se mishandeling van honde. Die gevoel wat weer by hom opkom as hy daaraan dink laat hom magteloos voel. Hy soek na 'n uitweg vir sy opgeboude woede. Dit is op hierdie stadium wat die motorkaping plaasvind.

Tsotsi doen iets wat verreikende gevolge vir sy lewe het: Hy skiet 'n vrou in die maag en steel haar motor. Hy besef nie dadelik wat hy gedoen het nie. Die feit dat hy glad nie kan bestuur nie en dat sy vriende hom daarvoor gespot het, dryf hom nog meer na woede en om iets te bewys. Hy maak 'n ongeluk met die motor op 'n verlate pad. 'n Baba wat agter in die motor lê begin skielik te huil. Dit is dan, vir die eerste keer, dat hy die baba op die motor se agtersitplek ontdek. Hy neem nou die baba as sy verantwoordelikheid aan en dit laat hom anders dink. Dit laat hom selfondersoek instel.

Die polisie deursoek die motor vir leidrade. Die karakters wat hierby betrokke is, is 'n speurder, 'n konstabel en 'n ondersoekbeampte. Intussen word Tsotsi in sy sinkhuis wakker. Hy moet nou die baba versorg. Soos met enige baba verwag kan word, word dit tyd om sy doek skoon te maak. Dit het nou Tsotsi se werk geword. Hy praat met die kind asof die baba hom kan verstaan; Tsotsi het geen idee hoe om 'n baba te versorg nie. Hy verkeer in 'n toestand van angs, die baba huil en hy spring op en af om die baba te probeer vermaak sodat dié net kan ophou huil.

By die hospitaal besoek die polisie Mevrouw Dube, die vrou wat geskiet is tydens die motorkaping en die ma van die baba. Langs haar bed is haar woedende man. Hy laat

die polisie goed verstaan dat hulle die skuldige moet kry. Mevrouw Dube sê ook aan die polisie dat die skurk haar kind het en as sy die geleentheid kan kry, sal sy hom met haar eie hande doodmaak.

Terug by die treinstasie raak Tsotsi by 'n bedelaar wat in 'n rolstoel sit, betrokke. Hy agtervolg die ou man in sy stoel, vat sy trommel met geld en gooi dit op die grond. Die arme gestremde man is vreesbevange en besef hy kan nêrens heen vlug nie. Daar ontstaan 'n debat tussen Tsotsi en die bedelaar, waar hulle Flaaitaal, Afrikaans, Engels en Sotho gebruik. Die bedelaar weet nie wat om van Tsotsi te verwag nie. Die plaaslike dialek maak die hele insident geloofwaardig. Dit blyk dat al wat Tsotsi wil hê is dat mense hom moet vergewe omdat hy anders is, omdat vergifnis, begrip en kommunikasie tussen onderskeie bevolkingsgroepe moontlik is (Liebenberg 2006:3).

In die lokasie sien Tsotsi 'n jong vrou met 'n baba op haar rug; hy sien dit as 'n geleentheid. Miriam is 'n jong weduwee wat in die lokasie woon. Sy is 'n enkelmoeder wat haar seuntjie alleen grootmaak. Sy gaan elke dag haar gang en doen niemand skade nie. Sy lewe op haar eie en sorg dat daar altyd kos en beskerming vir haar baba is. Tsotsi gewaar haar en die baba en is sommer dadelik van mening dat sy nou ook na die "gekaapte" baba sal kan omsien. Sy moet dan onder dwang die baba borsvoed en hom skoon aantrek en versorg. Sy het innige meegevoel met die kind. Tsotsi ontwikkel dan ook gevoelens vir Miriam as hy gereeld haar huis besoek om die baba te laat borsvoed, gevoelens wat hy nie kan wegsteek nie. As hy so na Miriam kyk, terwyl sy die baba versorg en met die kind praat, laat dit hom aan sy kinderdae dink. Hy onthou hoe sy ma teenoor hom opgetree het, en ook hoe swaar hy gekry het omdat sy pa so vreeslik gedrink het.

Terug by die sjebeen sit Aap, Boston, Butcher en Fela – 'n man met aansien in die plaaslike gemeenskap – en gesels. Fela het sy eie sake-onderneming en besoek gereeld Soekie se sjebeen. Hy dra zoot-suits, hy is "the man", mense bewonder hom omdat hy aansien en baie geld het. Hy is invloedryk en baie van die tsotsis werk vir Fela. Fela is in gesprek met Boston en vertel aan hom wat die woord "decency" beteken. Hy sê ook aan die ander twee, Aap en Butcher, dat hulle liever vir hom moet kom werk.

Tsotsi dink weer terug aan sy ouers en hoe sleg sy pa hulle behandel het. Hy onthou sy pa as 'n drinker en onthou die aand toe sy pa hulle hond geskop het. Dit was ook met dié geleentheid dat Tsotsi weggehardloop het van die huis af. Hy het saam met ander straatkinders in die groot pype, wat in 'n oop veld lê, gaan bly. Hulle moes na hulleself omsien, daar was geen toesig oor hulle nie en hulle moes self sien waar hulle kos vandaan gaan kry. Hy kan nie van sy kinderdae se nagmerries ontslae raak nie, dinge spook nog by hom. Hy voel vir 'n oomblik ongemaklik as Miriam haar bors voor hom ontbloot om die baba te voed. Hy kyk weg. Sy maak dan ook van die geleentheid gebruik as sy sien hy staar na haar en die baba, om vir hom te sê hy moet die baba vir haar gee. Sy sal na die kind omsien, sy sal hom versorg en 'n naam gee. Hy sê dan ook aan haar dat die kind reeds 'n naam het, Dawid; wat sy nie weet nie, is dat dit eintlik Tsotsi se regte naam is, wat hy nog nooit weer gebruik het vandat hy van die huis af weg is nie.

Tsotsi gaan weer terug na die sjebeen en los die baba by Miriam. Hy sê aan haar dat hy sal terugkom vir die baba. Hy gaan na Boston toe om sake reg te maak. Hy neem dan ook vir Boston na sy eie huis om hom te versorg. Tsotsi voel baie sleg oor wat hy aan sy vriend gedoen het. Dit is ook net daar waar Tsotsi, Aap en Butcher oorgaan na hulle volgende tsotsi-dade. Hulle wag vir John Dube, die baba se vader, by sy huis en oorval hom met 'n pistool. Hulle bind hom in 'n stoel vas, terwyl Tsotsi kos en klere vir die baba bymekaar maak. Die alarm van die huis gaan skielik af en met die geskarrel om te vlug, skiet Tsotsi vir Butcher dood. Tsotsi en Aap spring in Meneer Dube se motor en jaag weg. Tsotsi lewer die gesteelde motor by Fela af en ontvang geld. Dit is dan ook hier wat Aap nie kan glo wat Tsotsi gedoen het nie, hy weet nou dat Tsotsi se vriende vir hom niks beteken nie. Hy sê aan Tsotsi dat dit die einde van hulle pad saam is, hy wil nie meer enige iets met Tsotsi te doen hê nie. Met die verantwoordelikheid teenoor die baba kom Tsotsi tot die besef – wanneer hy die seun begrawe en 'n jong man word – dat die lewe meer as net die tsotsi-lewe is. Dit is ook dan waar die rolprent sy klimaks bereik. Die omvorming van 'n seun tot 'n jong man is universeel. Tsotsi is in wese 'n eksterne weergawe van 'n grootwordverhaal (Liebenberg 2006:3).

Die karakter, Tsotsi, verteenwoordig 'n universele reis. Tsotsi kom tot die besef dat hy in 'n wêreld vol verkeerde dade leef en besluit om die baba terug te neem na sy ouerhuis. Hy keer terug na Miriam se huis en sy gee vir hom kos. Hy gee die geld vir haar wat hy

by Meneer Dube gesteel het, maar sy weier om dit te neem. Sy sê ook aan hom dat sy die koerant gesien het en weet aan wie die baba behoort. Miriam pleit by Tsotsi om die baba by haar te los sodat sy kan sorg dat die baba by sy regte moeder kan uitkom.

Tsotsi besluit om tóg maar die regte ding te doen. Hy neem die baba met al sy speelgoed, kos en klere terug na sy ouers. Hy gaan terug na die woongebied van die Dube-gesin. Meneer en Mevrouw Dube is in die slaapkamer en hulle lê en gesels oor die gebeure van die afgelope ruk. Albei ouers is nog bitter oor die feit dat hulle enigste baba gesteel is. Dit is immers 'n ouer se grootste vrees, dat sy kind iets sal oorkom. Hulle maak nou staat op die polisie se samewerking en hoop hulle sal weer eendag as 'n gelukkige gesin saam wees. Nadat Tsotsi die klokkie by die Dube-gesin se hek gelui het, en die polisie dadelik in kennis gestel is van die gebeure by die huis, neem Tsotsi weer die baba in sy arms. Hy dink daaraan om om te draai en weer met die kind weg te stap. Albei ouers is nou by die hek en die polisie probeer Tsotsi oortuig om die kind neer te sit en weg te tree. Tsotsi is verward maar besef hy het nêrens om heen te hardloop nie. Alles het nou tot 'n einde gekom. Hy moet homself oorgee aan die gereg, en hy maak dan ook so. Hy gee die baba terug aan sy vader en steek sy hande in die lug sodat die polisie hom kan arresteer. Hy het alles wat verkeerd is prysgegee ter wille van die baba se veiligheid en hoop nou dat mense hom sal vergewe vir wat hy verkeerd gedoen het.

## HOOFSTUK 2

### LITERATUUROORSIG

Vir die doel van hierdie studie is dit nodig om 'n goeie begrip te hê van taalverskeidenheid in die algemeen en spesifiek in Suid-Afrika. In hierdie hoofstuk word daar vir teoretiese agtergrond gefokus op taalvariasie en taalverskeidenheid, kodes en kodewisseling, taalvariëteite, dialekte, gemengde kodes/variëteite, Flaaitaal/Tsotsitaal, taalkeuse en spraakstyl. Daar word ook kortliks aandag gegee aan taalvariasie in die geskrewe media.

#### 2.1 Taalvariasie in Suid-Afrika

Halliday (1985:74) stel dit dat "... variation refers to variation between different forms of language within a speech act....". Daar is verskeie taalverskynsels wat in 'n veeltalige konteks voorkom wat hier van belang is. Dit is 'n algemene beginsel dat 'n spreker sy taalgebruik op die gebruiksituasie afstem. 'n Groot verskeidenheid faktore wat op die een of ander wyse op die gespreksituasie betrekking het, beïnvloed sy woordkeuse, die interpretasie van sy taaluitings, die sintaktiese strukture wat hy kies, en selfs sy uitspraak (Halliday 1985:75). Onder hierdie faktore tel byvoorbeeld die plek en tyd van die gesprek, voorafgaande taaluitings, aanwesige persone en voorwerpe, gebeurtenisse voor en tydens die taaluiting, ensovoorts.

Taalvariasie hou in dat verskillende vorme van 'n taal in verskillende streke voorkom, sowel as verskillende sosiale dialekte van een of meer van die tale wat in 'n gemeenskap gebruik word (Saville-Troike 1982:51). Taalvariasie – in al sy vorme insluitend streeksdialekte, sosiolekte en idiolekte – vind merendeels sy neerslag in die gesproke taal, die taal van sosiale omgang, omdat dit 'n veel buigbaarder en minder behoudende element in die taalarsenaal van die mens is (Hauptfleisch 1990:63). Interne variasie is variasie wat binne 'n gegewe taal bestaan en wat nie deur die kontak met 'n vreemde taal gevoed is nie. Die faktore wat tot hierdie variasie aanleiding gee, is faktore wat dus binne die taalsituasie self aanwesig is (Du Plessis 1991:20). Volgens Gumperz wat in Saville-Troike (1982:51) aangehaal word, bestaan variëteite, dialekte of style, wat in 'n spesifieke sosiale groep gebruik word, uit die keuses wat sprekers maak oor hoe om die

variëteit te gebruik. Tsotsitaal is die taal van die "townie", soos sprekers daarvan in Johannesburg bekend staan, en "bra", soos hulle in die Kaap bekend is; dié taalvorm vertoon deur sy spitsvondige kommunikasiewyse sy geneentheid in die dinge van die plaaslike gemeenskap (Brynard 1988:26-30). Dit is die "slang" van hoofsaaklik die swart en bruin Suid-Afrikaanse stedeling, wat op sosiale geleenthede wys hy is "in" deur die taal "te gooi". As ons die keuse van taal en die groot verskeidenheid tale en taalvorme beskikbaar binne 'n gemeenskap in gedagte hou, moet ons nie vergeet dat dit steeds die spreker se keuse is om die kode en die interaksie-strategie vir die spesifieke konteks te kies nie. 'n Dialek is 'n variëteit van 'n gegewe taal, wat as variëteit bestaan op grond van die gebruikers daarvan. Flaaitaal is 'n spraakstyl en meer nog 'n modeverskynsel, soos byvoorbeeld studentetaal, wat van jaar tot jaar kan verander; so is Flaaitaal gedurig aan die verander en verskil dit van streek tot streek (Brynard 1988:29).

Wanneer tale met mekaar in kontak kom, is dit onvermydelik dat daar sprake sal wees van wedersydse beïnvloeding. As ons voorbeelde uit die rolprent *Tsotsi* gebruik waar daar meer as een taal in 'n situasie gebruik word, kan die rede vir 'n spesifieke taalkeuse bloot wees sodat die karakters wat uit verskillende taalagtergronde en sosiale vlakke kom, met mekaar kan kommunikeer. Dit gebeur egter ook dat 'n tweetalige spreker wat met 'n ander tweetalige spreker van dieselfde taalagtergrond praat, oorsakel na 'n ander taal – óf gedeeltelik, 'n verskynsel wat bekend staan as "taalvermenging", óf volledig, 'n verskynsel wat bekend staan as "kodewisseling". Die wisseling tussen tale, soos in die rolprent *Tsotsi*, is alledaags en neem verskillende vorme aan. As daar na die dialoë in die draaiboek gekyk word is dit opvallend dat 'n sin in 'n spesifieke taal begin maar in 'n ander eindig. Daar is verskeie sosiale faktore wat hier 'n rol speel. Een faktor is dat die spreker hom nie kan uitdruk in die betrokke taal nie en dan na 'n meer bekende taal verander. Flaaitaal, byvoorbeeld, word ook gereeld gebruik om uitdrukking aan 'n eenheidsgevoel in 'n spesifieke sosiale groep te gee. Die verandering tussen tale weerspieël ook die spreker se gevoel teenoor die luisteraar: is hy vriendelik, geïrriteerd of dryf hy die spot met die persoon?

Daar kan variëteite van dieselfde taal onderskei word wat bestaan afgesien daarvan of die taal in 'n kontaksituasie is of was. Hierdie soort interne variasie word veroorsaak deur die gebruiker van die taal en deur die gebruik van die taal. Anders gestel, daar bestaan sekere variëteite van 'n taal op grond van die mense wat dit gebruik en ander

variëteite op grond van die gebruik daarvan. Dus kan ons na "gebruikersvariëteite" en "gebruiksvariëteite" verwys (Du Plessis 1991:19). Die gebruiker se herkoms en sosiale omstandighede sal byvoorbeeld 'n faktor wees wat van sy besondere taalgebruik 'n dialek maak, soos Tsotsi wat in die tsotsi-wêreld lewe. Waar die geografiese herkoms van die gebruiker die variasie voed, word van 'n "geografiese dialek" of "streeksdialek" gepraat, en waar die variasie deur sosiale faktore gevoed word, word van 'n "sosiale dialek" of "sosiolek" gepraat. Geografiese dialektologie is die studie van taalvariasie wat herlei kan word na die spreker se plek van herkoms, soos in Tsotsi se geval, Soweto, die agterstrate van die bendeledede. Verder kan die variasie in die taal verband hou met die spreker se gebruik van sy taal. Die variasie word in hierdie geval gevoed deur byvoorbeeld die gespreksonderwerp, die situasie, ensovoorts (Du Plessis 1991:20-21).

'n Variant is meer permanent gekoppel aan 'n bepaalde groep, soos die jong swart mans in die Soweto woongebiede (Brynard 1988:30). In dié opsig kan Flaaitaal nie beskou word as 'n variant van Afrikaans nie. Die mense wat Flaaitaal praat, is byvoorbeeld nie in die eerste plek Afrikaans- of Engelssprekendes nie.

Daar is 'n verskeidenheid tale in Suid-Afrika en Flaaitaal is, volgens Bothma (1952), 'n bekende variëteit van Afrikaans onder jong swart stedelinge. Dit is 'n sleur-taal, ("slang"), dit wil sê 'n verskynsel tussen geheimtaal ("cant") en omgangstaal ("colloquial language") (Schuring 1981:120). Om dit te illustreer kan die voorbeelde van Flaaitaal in (1) en (2) beskou word. Hierdie voorbeelde kom uit 'n bandopname wat gemaak is tydens die RGN (Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing) se "Nasionale taalondersoek onder Swart mense in Suid-Afrika" (Schuring 1981:116).

- (1) Ane dag ek kuier my chommy da langsaan Berries.  
(Ek het nou die dag by my vriend wat langs Berries bly gekuier.)
- (2) Da meet ek so drie ouens.  
(Ek het drie vriende ontmoet.)

Volgens Edwards (1994:78) besit elkeen van ons die vermoë om meer as een taal magtig te wees. Elke persoon het ook sy/haar eie taalstyl. In 'n sosiolinguistiese konteks verwys "taalstyl" na taalvariasies wat gepas is en wat nie gepas is nie, wat weer



na 'n persoon se persepsie van die sosiale konteks verwys. Die mees algemene invloed en die produk van hoé om iets te sê hang van die graad van formaliteit af. Hoe ernstig bedoel jy dit as jy sê dat jy moeg is, of speel jy met jou woordgebruik? Jy kan ook baie dinge gelyktydig sê met verskillende uitdrukkings. Die keuse en manier van woordgebruik is al soos tweede natuur by alle sprekers, ons doen dit sonder om daarvoor te dink. Meeste gebruikers van 'n taal is so bedrewe met die verskillende gebruike van woorde dat ons eers weer daarvan bewus word as 'n uitdrukking ongewoon klink of anders gebruik word.

Die taalvariëteite in 'n gemeenskap het elkeen sy eie kodes en manier van uitdrukking (Saville-Troike 1982:51). Die identifikasie van die variëteite wat in 'n gemeenskap voorkom vereis observasie en beskrywing van die verskille in uitspraak, grammatika, styl/manier van praat en ander kommunikatiewe gedrag (Saville-Troike 1982:52-53). Sprekers se keuses tydens/in talige interaksie voorsien 'n dinamiese band tussen die taalkode, die spreker se doel met die kommunikasie, en die deelnemer se spesifieke situasie (Saville-Troike 1982:54).

## **2.2 Gesproke vs. geskrewe media**

Dit is deur middel van gesproke taal wat taal gevorm word en waar dit groei en verander. Geskrewe taal sou 'n mens kon sien as slegs 'n instrument waarmee die gesproke taal aangeteken en weergegee word; dit het self net 'n beperkte invloed op die vorming van die taal, en is meer behoudend van aard. Skrywers dra op hulle manier by om die taal op te teken en in hulle skeppinge kom voorbeelde van alledaagse taalgebruik voor wat uit verskillende streke en tydperke kom. In die geval van 'n draaiboek, die vorm waarin die dialoog in *Tsotsi* weergegee word, is die gesproke woord dus die grootste deel van die kunswerk, hoewel dit aanvanklik in teksvorm aangebied word.

Hierbenewens is die bestaan van taalvariëteite van alle soorte vir die draaiboekskrywer van *Tsotsi* 'n hoogs bruikbare en moontlik selfs onontbeerlike tegniese en stilistiese hulpmiddel. Anders as die gewone spreker wat sy taal, en ook sy betrokke variasie daarvan, grootliks onbewustelik gebruik, maak die skrywer, en in die besonder die draaiboekskrywer, op baie spesifieke maniere gebruik van taalvariasie, merendeels bewustelik, vir bepaalde oogmerke.

### 2.3 Keuse van variëteit

Die keuse van 'n taalvorm hang ook af van die spreker se bevoegdheid om dit te praat. Van die tsotsis besit goeie sekondêre kwalifikasies. As 'n spreker 'n nuwe taalvorm aanleer, net om deel van 'n groep te wees, is daardie spreker taalbewus. Hy verkies byvoorbeeld om 'n geheime taal aan te leer om sodoende sy identiteit te verseker en om ander luisteraars uit te sluit. Die konsep van gebied/heerskappy, wat klaarblyklik op die doel van Flaaitaal dui, word deur Fishman in Saville-Troike (1982:52) so gestel: "a socio-cultural construct abstracted from topics of communication, relationships between communicators, and locales of communication, in accord with the institutions of a society and the spheres of activity of a speech community."

### 2.4 Tsotsitaal/Flaaitaal

Flaaitaal, soos deur Brynard (1988:26) in *De Kat* beskryf, staan ook bekend as "Tsotsitaal", hoewel dié variëteit deesdae nie meer beperk is tot die tsotsi en die bende-lid nie. In hierdie studie word die term "Flaaitaal" eerder gebruik. Volgens Makhudu (1995:298) is Flaaitaal 'n variëteit wat in Suid-Afrikaanse stedelike gebiede gebruik word, hoofsaaklik, maar nie uitsluitlik nie, deur swart mans. Flaaitaal verteenwoordig 'n mengsel van kodes wat uit ander tale geleen word om struktuur en variëteit aan die taal te gee (Makhudu 1995:298). Flaaitaal het oorspronklik uit Afrikaans ontstaan (Makhudu 1995:298). Die feit dat Flaaitaal 'n sterk invloed van swart tale soos Sotho vertoon, moet egter nie misgekyk word nie. Die struktuur van Flaaitaal weerspieël grotendeels dié van die betrokke swart tale. Volgens Makhudu (1995:298) het Flaaitaal waarskynlik sy oorsprong te danke aan die kontak tussen sprekers van verskillende tale en taalvariëteite in stedelike gemeenskappe; in dié opsig het die verskillende taalgroepe wat op die myne in die stedelike gebiede gewerk het, 'n groot invloed gehad (Makhudu 2002:298). Sprekers van Flaaitaal is gewoonlik tussen die ouderdomme van 15 en 54 jaar (Schuring 1981; Slabbert 1994). Die variëteit word tydens sosiale geleenthede gebruik om te wys dat die spreker deel is van 'n groep wat die keuse gemaak het om Flaaitaal as variëteit te gebruik. 'n Voorbeeld van Flaaitaal is *Die taal te wietie*. Die Flaaitaalgebruiker is *flashy*, ken die sosiale reëls van die township-lewe, hou van sy *koek* ("drank") en sy *cherry* ("meisie"). Hy is lid van 'n groep mense vir wie die lokasie bestaan niks vreemds is nie en met die variëteit wys hy dit.

Volgens Schuring (1981:346) is die begeerte om die oningewyde, die nie-lid, uit te sluit, die beleid van die tsotsi-wêreld. Uitdrukkings uit enige toeganklike taal word gekies, verander en in 'n basilek gebruik sodat hulle die eie leefwêreld verwoord en buitestaanders uitsluit (Schuring 1981:346). 'n Basilek of basisdialek is daardie taalvorm waarin uitdrukkings uit 'n ander taal en veranderde woorde en reëls ingebed is. Anders gestel: die basilek is die basis of raamwerk wat die vreemde en nuwe elemente dra (Schuring 1981:130). Flaaitaal is die uitdrukkingsvorm van 'n *sharp oukie* wat wil wys dat hy nie 'n *bari* of 'n *blin* ou is nie en die *sharp oukie* sal juis Flaaitaal gebruik om die *moegoe* of *Jacky-nyanas* uit te sluit. Vandag se *townie* se Flaaitaal is deel van die dinge van gister. Dit is geskiedenis. Vandag sal selfs 'n "gentleman" vertrou wees met Flaaitaal. 'n Onderzoek wat volgens Brynard (1988:27) deur die RGN onderneem is, toon dat Flaaitaal, veral in Johannesburg (Soweto en Alexandra) vandag nog gepraat word, en waarskynlik nog vir baie jare gepraat gaan word. Die variëteit word aangepas soos wat die taalgebruikers van generasie verander. Baie meer mans as vroue praat dit en dit is meestal 'n taal wat onder jongmense gepraat word. Die ouer garde is dikwels sterk gekant daarteen en baie ouers verbied dit in hul huise. Flaaitaalsprekers is dikwels hoër gekwalifiseerd as dié wat dit nie ken nie. Volgens die RGN se opname het meer as 48 persent van die mense wat by die ondersoek betrokke was, en Flaaitaal kon praat, 'n sekondêre skoolkwalifikasie gehad, teenoor net 26 persent met primêre kwalifikasies (Brynard 1988:27).

Met sy taal kan die *townie* aan 'n buitestaander duidelik sê wie hy is – dat hy een van die in-groep is – 'n *bra* ("brother") is. Flaaitaal is veral gewild onder stedelike skoolkinders. 'n *Townie* is skerp, (*sharp*): in staat om moeilike situasies te hanteer – meisies, drank, polisie, tronkstraf en die sosiale lewe. Hy sien kans vir alles. Hy is volwasse, of eerder, hy leer hoe om volwasse te wees, al is dit ook op 'n manier wat die breër gemeenskap afkeur. Flaaitaal en die gepaardgaande kultuur het 'n belangrike sosialiseringfunksie in die lokasie (Schuring in Brynard 1988). In die moderne lokasie is die generasiegaping groot, omdat baie ouers minder geskoold en meer tradisioneel gerig is as die jongmense en boonop van vroegdag weg van die huis is sodat die jonges aan hul eie lot oorgelaat is. Iemand wat Flaaitaal kan praat is 'n taalbewuste mens: Hy moet goed luister na wat die ander sê, goed vertolk en self op so 'n wyse praat dat hy die aandag en respek van sy gespreksgenote verkry, terwyl hy die *townie* se strewe en kultuur verwoord (Schuring in Brynard 1988).

### 2.4.1 Oorsprong van Flaaitaal

Volgens Schuring (1981) is die onderbou van Flaaitaal, Afrikaans. Dit het heel moontlik te doen met die hoë profiel van bruin mense in die lokasiebendes van die jare dertig en veertig en die dae toe mense nog meer geïntegreerd gewoon het. Flaaitaal het waarskynlik die geheime taal Shalambambo, wat op Nguni gegrond is, teen 1935 vervang (Brynard 1988:28). Bekende bendes uit die tyd, byvoorbeeld die *Dead End Kids*, het bruin lede gehad soos *Big Boy Blue* en *Background-to-Danger*, die leier en onderleier. Namate meer swart mense na die stede begin trek het, het die aantal Afrikaansprekendes onder die swart mense minder geraak (Brynard 1988:28). Daarom het die invloed van swart tale groter geword en bestaan daar vandag 'n vorm van Flaaitaal wat byna volledig 'n swart taal as grondslag het en waaruit Afrikaans byna heeltemal verdwyn het. Volgens Msimang (1987:82) het Zoeloe grootliks tot die woordeskat van Flaaitaal bygedra.

Die skeppende kragte van taal wat so treffend in Flaaitaal geïllustreer word, word vandag erken en selfs onderstreep. Dit word ook duidelik gestel dat Flaaitaal die omgangstaal van die tsotsi-subkultuur in Johannesburg en Pretoria se lokasies is sedert die dertigerjare. Dit is dus allesbehalwe 'n nuwe verskynsel en is selfs al in die woordkuns gebruik (Brynard 1988:28). Siphos Sepamla gebruik dit byvoorbeeld deurgaans in sy gedig *Come Duze Baby* (Brynard 1988:29). Hierdie gedig is onverstaanbaar vir lesers wat nie vertrou is met Flaaitaal nie. Nog voorbeelde in gedrukte vorm is (i) in swart koerante en tydskrifte; (ii) in "Black Stan" se artikels op die binne-voorblad van die tydskrif *Drum*; en (iii) in die rubriek *Casey's Beat* van dieselfde tydskrif waarin gereeld woorde en uitdrukkings voorkom wat direk aan Flaaitaal ontleen is, byvoorbeeld *My Broer. My Blah. Of hoe sê ek, my blah?* (Schuring 1981:122). Nog 'n domein waarin Flaaitaal voorkom, is toneelstukke. Fatima Dike se gepubliseerde toneelstuk, *The First South African*, wat in 1977 in Kaapstad opgevoer is, is vol *townie*-uitdrukkings (Schuring 1981:122).

'n Taal of taalvariëteit is nie net 'n uitdrukkings- en kommunikasievorm nie, maar ook 'n simbool van die identiteit van die persoon wat dit praat. Om meerderwaardig of afkeurend te wees teenoor nie-standaardvorme soos Flaaitaal/Tsotsitaal, is om die selfbeeld van die gebruikers daarvan aan te tas. Elkeen moet respek hê vir die variant

waarin Flaaitaal gepraat word, hetsy op straat of in die sjebeen, en sprekers pas dié variëteit na gelang van hulle omstandighede en sosiale omgang aan. Elkeen van die vorme van Flaaitaal stel die spreker ewe goed in staat om hom uit te druk as standaard-Flaaitaal. Boonop druk hy sy eie stempel en identiteit daardeur uit. Volgens Slabbert (1994:31) word Tsotsitaal/Flaaitaal gebruik as 'n sambreelterm vir 'n verskeidenheid taalvariëteite wat varieer van groet (*Heita, my bra*) tot losstaande woorde soos *mnca*, *tiger*, of enkelsinne (*Die man is blind*), tot volledige gesprekke. Die basis van hierdie woorde kan varieer: dit kan Afrikaans, Nguni of Sotho wees.

Flaaitaal het klaarblyklik die status van 'n "slang" variëteit. Dit is ook die karakterisering in *A dictionary of South African English* (Branford 1980). Voorbeelde (3) en (4) uit Slabbert (1994:33) dui daarop dat Flaaitaal nie net 'n basilek van Afrikaans is nie, maar ook van ander tale soos Engels.

- (3) Heita mri.  
(Hallo, man/brother.)
- (4) Es mnca.  
(It is fine.)

Daar kan onder meer drie redes genoem word waarom Flaaitaal vir nie-sprekers daarvan onverstaanbaar is. 'n Eerste rede is die onbekendheid met die verskillende tale waaruit Flaaitaal sy woordeskat put. 'n Tweede rede is die onbekendheid met die *townies* en met die leefwyse van stedelike swart mense in die algemeen; as jy byvoorbeeld nie soos talle swart mense 'n jazz-liefhebber is nie, dan is die verwysing na *Jimmy Smith se mojo* vir jou duister. Derdens is daar die neiging by *townies* en by talle jeugbendes oor die wêreld om bekende woorde se klankvorm, betekenis of gebruik sodanig te verander dat hulle vir oningewydes onverstaanbaar word. Flaaitaal is gelokaliseer in die leefwêreld van die *townies*, en met hierdie leefwêreld is slegs 'n beperkte aantal mense goed bekend. Schuring (1981:125) stel dit soos volg: "Taaluitlatings uit enige toeganklike taal word sodanig uitgekies, verander en in 'n basilek gebruik dat hulle die eie leefwêreld verwoord en buitestaanders uitsluit."

Volgens Msimang (1987:83) is Flaaitaal 'n mengsel van hoofsaaklik Zoeloe, Xhosa en Afrikaans. Geen bewyse vir 'n enkele basistaal kan gevind word nie. Omdat baie

woorde uit verskillende tale geleen word, staan Flaaitaal juis bekend as 'n "geheime taal". Msimang (1987:82) wys ook kortliks uit dat Zoeloe grootliks tot die woordeskat van Flaaitaal bydra. Volgens Schuring (1981:130) vorm een van die bogenoemde tale die basilek van Flaaitaal.

Volgens Msimang (1987:82) is Flaaitaal 'n kenmerkende kommunikasiemiddel tussen swart mense in Suid-Afrikaanse stede. Dit is daar, en solank as wat daar in Suid-Afrika metropolitaanse gebiede met armoede, kinderverwaarlosing en misdaad is, sal daar Flaaitaal wees (Schuring 1981:129). Die oorsprong van die term "Flaaitaal" is volgens Bothma (1952) in Msimang (1987:82) nie bekend nie; alhoewel dit 'n Sotho struktuur bevat is die term nie Afrikaans of Zoeloe nie. Die woordeskat van Flaaitaal verander gedurig, selfs die basis daarvan kan verander. Of die basilek ook Engels sal word, is moeilik om te voorspel. Maar een van die kenmerke wat bly, is die dinamiese aanwending van taal (Schuring 1981:129). Daar is voorts ook 'n groot taalbewustheid by Flaaitaalsprekers en 'n klaarblyklike genot in die gebruik van dié variëteit.

#### 2.4.2 Persone wat aan Flaaitaal gekoppel word

Om die aandag op die tsotsi-bendes te vestig kan onder andere gekyk word na die historiese perspektief in die ietwat ouerige werk van Bothma (1952:24). Volgens Bothma is daar verskillende tipes tsotsi-bendes, insluitende kleiner groepies wat nog nie as tsotsis beskou kan word nie, dog wat, vanweë die feit dat hulle as voorstadium van die tsotsi-bendes dien, baie belangrik is (Bothma 1952:24-25). Dit is die sogenaamde "speelgroepe", wat vandag nog so bekend staan. Hierdie groepe bestaan uit kinders onder ongeveer twaalfjarige ouderdom wat op straat in die lokasies aangetref word waar hulle hul tyd deurbring met slentery en allerlei kinderspele (Bothma 1952:25). Die vernaamste van die speletjies is voetbal. Ander speletjies soos pennie-pennie en moesjoes ('n dobbelspel met 'n dobbelsteen), ontwikkel gewoonlik tot 'n intergroepspel. Hierdie groepies het ook almal reeds kennis gemaak met die bioskoop en besoek veral die cowboy-films wat so gewild was in die vyftigerjare. In vandag se tsotsilewe is dit ietwat anders. Die jongmense besoek nie meer die rolprente om cowboy-films te kyk nie maar vir die wreedste en gewelddadigste rolprente. Navorsing van Bothma (1952:25-27) het ook getoon dat die grootste aantal van hierdie kinders op skool is, dog 'n opvallende aantal het nog nooit skool bygewoon nie as gevolg van armoede en

verwaarlosing van die ouers se kant af. Volgens statistieke in Slabbert (1994:35) is die oorgrote meerderheid Flaaitaalsprekers nie skoolgaande kinders nie maar die vyf-en-twintigjarige en ouer jong mans in Johannesburg en omliggende streke.

Uit hierdie groep ontwikkel die groep bekend as "mediums" of in sommige gevalle *wartime spies* of *Ncims* (nc uitgespreek soos in Zoeloe), terwyl ander benaminge ook nog voorkom (Bothma 1952:25). Hulle bestaan uit adolessente wat in groepies van twee, drie of vier – sulke groepies noem hulle *tjommies* – op straat aangetref word, waar hulle onder die dekmantel van werk soek rondrentel. By geleentheid kom hulle in groter groepe bymekaar – hulle noem dit *rensj* (om 'n bende-eenheid te vorm) – waar hulle dan drink, dagga rook, dobbel en dans (Bothma 1952:26-27). Hulle algemene spreektaal is Flaaitaal. Hierdie "mediums" is nog nie georganiseer nie, en het nie 'n groepleier of groepsnaam nie. Hulle praat egter 'n vorm van geheimtaal (Flaaitaal) en leer dit spontaan aan, in teenstelling met die georganiseerde bendes wat verder doelbewus daarop voortbou. Hierdie groepe ontwikkel langsamerhand in die rigting van georganiseerde bendes, en by die bereiking van die laatadolessensie is hulle almal *clevers*, dit wil sê, hulle is bedrewe in Flaaitaal en op hoogte met die lewe in die onderwêreld; meeste van hulle besit 'n goeie kennis van die gesproke Flaaitaal (Bothma 1952:26). Al die *clevers* bestaan nie noodwendig uit 'n groter groep as vier nie. In sommige gevalle is die ledetal baie kleiner as 12 tot 30 en die organisasie baie meer elementêr. So 'n bende word soms deur 'n sjebeen in diens geneem, en dit lei tot die volgende bende-tipe, naamlik die *sjebeengroep* (Bothma 1952:27). Hierdie *clevers* is verdeel in twee tipes, nl. *hepkets* en *majitas*. Nadat 'n "medium" geskikte werk gevind het en namate hy ouer word, word hy 'n *hepket*, wat onderskei word van die res omdat sy gereelde inkomste dit vir hom moontlik maak om 'n selfstandige bestaan te voer en omdat sy lewenshouding geleidelik verander (Bothma 1952:27).

Tsotsi en sy vriende, Aap, Boston en Butcher was nog "mediums". Hulle het nie een werk gehad nie en het as 'n groepie rondgeslenter, gedrink en gerook. Aap en Butcher het dit wel oorweeg om by Fela se groter groep aan te sluit, maar Tsotsi het Aap oortuig om by hom te bly. Hulle het ook die inbraak by die Dube-huis saam beplan en so 'n groep op hulle eie gebly.

Wanneer 'n bende by 'n sjebeen in diens tree, word die lede gewoonlik permanente ondersteuners van daardie sjebeen en lewer hulle teen vergoeding sekere dienste aan die sjebeen. 'n Ander tipe bende wat uit 'n georganiseerde, misdadige bende ontwikkel of uit enkele oorblywende lede saamgevoeg word nadat die bende tot niet gegaan het, is die *kriminele bende* (Bothma 1952:28-29). Hierdie bendes is gewoonlik klein – ongeveer vyf of ses lede. Sommige van hierdie bendes beskou hulself as tsotsis, maar ander beweer dat hulle nog van die *funanis* is en dat die woord *tsotsi* maar net hulle kleredrag aandui. Sprekers uit die vyftigerjare sê hulle is die *old timers* (Bothma 1952:29). Die feite wat uit Bothma kom is wel ou inligting maar bestaan vandag nog in die moderne leefwyse. Sommige van hulle gebruik nog *Shalambombo* as geheimtaal, in teenstelling met die jeugdiger tsotsis wat net Flaaitaal ken. Volgens Bothma (1952:49-70), word in die geleedere van die tsotsi en ook by ander swart jongmense met misdadige en ondergrondse aktiwiteite van twee tale gebruik gemaak, naamlik Shalambombo en Flaaitaal (Bothma 1952:49). Shalambombo is gebaseer op Zoeloe-Xhosa, en is gebruik deur die eerste Funanis en ander misdadigers in die tronke, met die doel om bewaarders en ander buitestandars om die bos te lei. Hoewel hierdie taalvorm op Zoeloe en Xhosa gebaseer is, is dit aan misdadigers van ander kultuur- en volksgroepe ook bekend. Voorbeelde uit Shalambombo word in (5), (6) en (7) hieronder gegee.

- (5) Siyoeupaphi?  
(Waar gaan ons drink?)
- (6) Nqa inqiqhi!  
(Pasop die speurder!)
- (7) Kulelodladla  
(By daardie drink huis.)

(Bothma 1952:49-50)

Volgens Makhudu (1995:298-305) word Flaaitaal outomaties met kriminele dade geassosieer. Die rede hiervoor is die gebruik van Flaaitaal in tronke soos Leeuwkop in Johannesburg. Hy beweer dat die assosiasie nie sommer ligtelik opgeneem moet word nie omdat die gebruik van Flaaitaal baie verder as net in ondergrondse netwerke strek. Hy beweer verder dat Flaaitaal die beste gekarakteriseer kan word in terme van Halliday (1985) se konsep 'anti-language'. Dié konsep hang saam met die konsep 'anti-society', waarmee bedoel word: 'n ander gemeenskap wat bewustelik ontwikkel as 'n



alternatief, as 'n metode van weerstand (Makhudu 1995:300). 'n *Anti-language* staan in 'n soortgelyke verhouding met 'n *anti-society* as die tussen 'n taal en 'n gemeenskap. Met ander woorde, 'n *anti-language* is die ontwikkeling van nuwe woorde vir ou woorde, dit is 'n taalverskynsel. Byvoorbeeld, deur Flaaitaal te gebruik word aangedui dat jy *city-wise* is, *urban* of selfs *slick*. Die woord "flaai" dui aan dat die Flaaitaalspreker eg is, die *main ou*, of soos die groep dit sal noem, die *autis*, die *ouens*. In teenstelling hiermee kan iemand wat nie *flaai* is nie as "dwaas" of 'n "stadige persoon" beskryf word die terme hiervoor in Flaaitaal is *mugu, bari, pop* of *kashu* (Makhudu 1995:302).

### 2.4.3 Sprekers van Flaaitaal

Volgens wat lede van die vroeëre Funani-bendes beweer, is Shalambombo in ongeveer 1935 algemeen deur Flaaitaal vervang, en word dit slegs deur jong swart mans wat betrokke is by kriminele bendes gepraat (Bothma 1952:50).

Jeugdige tsotsis wat in dié verband ondervra word ken dié variëteit glad nie. Flaaitaal word by tsotsis in Pretoria, Brits, Rustenburg, Bethal, Johannesburg en op die Rand aangetref. Na bewering word dit ook in Port Elizabeth gepraat. Vermoedelik word Flaaitaal dus orals waar tsotsis aangetref word, gebruik (Bothma 1952:51). Volgens Slabbert (1994:35) kom die meerderheid sprekers van Flaaitaal in die Johannesburg-omgewing voor.

Om klem te lê op die variëteit wat die tsotsis praat kan na enkele voorbeelde uit Bothma (1952:24) gekyk word. *Tsotsing, motsi* en *motsing* is verdraaide vorme van die woord "tsotsi", waarin dié woord in Flaaitaal of *Tsotsi-slang*, die "geheimtaal" van die tsotsi-gemeenskap, voorkom. Die woorde *bratas, morongas* (albei afgelei van Engels *brother*) en *mannes* het dieselfde betekenis, hoewel hulle eintlik meer die misdadige element in die gemeenskap aandui. 'n Werklike misdadige tsotsi, soos ons vandag onder die woord verstaan, is bekend as 'n *majita* of *majika*, afgelei van *Magic Garden*, die naam van 'n rolprent waarin die lewens van misdadigers uitgebeeld word (Bothma 1952:24-25). Hierdie is slegs 'n paar van die verdraaide woorde wat in die bendes gebruik word. Volgens Schuring (1981:29) en Slabbert (1994:33) het 'n Sowetospreker eens gesê sy het die taal in Kofifi (Sophiatown) geleer. Dit is dan ook waar die rolprent *Tsotsi* verfilm is. Dit is waar die hoofkarakter Tsotsi grootgeword het. 'n Tweede

deelnemer aan die gesprek in Slabbert (1994:33) het gesê hulle noem die taal *Lebuya from Kofifi* . Die variëteit wat deur die tsotsis in die gewone omgang gebruik word, word vinnig gepraat en lettergrepe word aangeheg en gestrengel; so is die taal doeltreffend en onverstaanbaar vir die blanke en die swart mense wat geheel-en-al buite die tsotsi-geledere staan. As die variëteit egter onverstaanbaar gemaak moet word vir die tsotsis wat nie aan die eie bende behoort nie, maak elke bende van sy eie kode, genoem *ghiebriesj*, gebruik (Bothma 1952:68). Voorbeelde van twee sinne van hierdie kodes wat deur tsotsis gebruik word, verskyn in (8) en (9). Die genoemde voorbeelde skep by gewone mense die indruk van 'n gebrabbel, omdat ons nie verstaan wat met die Flaaitaal bedoel word nie. Dié soorte uitings is kenmerkend van die variëteit wat in die rolprent deur Tsotsi, 'n bendelid van Johannesburg, gebruik word.

(8) Moet die kaas gaan ons hom soos koek.  
(Ons sal hom in die lokasie aanval).

(9) Wanel ons koraal, tôrtsj ons.  
(As ons op 'n geldrooftog is.)

Soortgelyke kodes word by die Zoeloe, Sotho en Thong-Shangana taalgebruikers aangetref. Die herkoms daarvan by die tsotsis is dus voor die hand liggend. Kortom, die verskillende vorme van Flaaitaal wat deur die tsotsis gebruik word, is 'n oënskynlike mengelmoes van hoofsaaklik Afrikaans, Engels, Zoeloe en Sotho met terme dikwels in verdraaide vorm.

## **2.5 Die gebruik van Flaaitaal deur vrouens**

Slabbert (1994:38) stel dit dat die oorgrote meerderheid Flaaitaalsprekers mans is. Volgens die mans keur hulle dit af as hulle 'n vrou hoor Flaaitaal praat. Die mans klassifiseer so 'n vrou dadelik as 'n sjebeenmeisie (Slabbert 1994:38). Hulle het geen respek vir so 'n vrou nie en beskryf haar met beledigende terme. Die mans erken wel dat die meisies Flaaitaal op skool praat. Selfs die vrouens reken dat vrouens/meisies wat die taal praat in 'n laer klas is. Sommige vrouens erken egter dat hulle dit soms gebruik. Dit word gebruik as hulle die sjebeen besoek of in die geselskap van kêrels of

goeie vriende is: "We use the language to someone you are very close to. Not just anyone. They will think you are a tsotsi" (Slabbert 1994:38).

## 2.6 Flaaitaal en Afrikaans

Volgens 'n veldwerker in Slabbert (1994:38), speel Afrikaans 'n uitsluitende rol in Flaaitaal omdat mense nie altyd die Afrikaanse taal verstaan nie. Die gebruikers van Flaaitaal sê: "People like to use the language because it is like a secret language. They know that not all the people are familiar with Afrikaans" (Slabbert 1994:38). Een van Slabbert se bevindinge is dat daar baie geheimtale in die swart bevolkingsgroepe is. Daar word van verskillende maniere gebruik gemaak om 'n taal geheim te hou by hoorders wat nie in die groep pas of hoort nie (Slabbert 1994:39). Een van die maniere is om 'n woord agteruit te sê, byvoorbeeld *nawe* in plaas van *wena*. Daar is 'n baie sterk neiging by sprekers van Afrikatale om mense uit 'n gesprek te sluit, en om mag teenoor die ander party te toon deur die keuse van taalvorm. Flaaitaal word ook gebruik om te wys dat mense se status verhoog het in die geslote gemeenskap waarin hulle hulle bevind. Vorige navorsing oor Flaaitaal het óf Afrikaans, óf Suid-Afrikaanse Engels ingesluit (Slabbert 1994:38). Wat duidelik blyk is dat Flaaitaal nie 'n verskeidenheid van enigiets is nie; volgens sy sprekers is dit 'n taal uit eie reg. Baie van die sprekers erken dat Afrikaans makliker is om te praat, daarom die invloed wat Afrikaans op Flaaitaal het. Dit is egter nie 'n suiwer Afrikaans nie; dit is 'n gebroke taal wat gebruik word, 'n vervormde Afrikaans, 'n taal vir die lokasies, wat niks met die Afrikaans van blanke mense te doen het nie. Die gebruiksfteer van Flaaitaal is die informele gesprek. Dit is 'n taal waarin mense ontspan en wat hulle gebruik wanneer die behoefte daar is of as die situasie dit vereis. Wanneer 'n Flaaitaalspreker 'n Afrikaanssprekende persoon in Engels aanspreek, wys dit dat die spreker ernstig is en die status van die hoorder word gerespekteer. Vir die Flaaitaalspreker beteken Engels "besigheid". Jy moet byvoorbeeld die tydsvorme van die taal ken en jy kan nie net praat omdat praat praat is nie. Met ander woorde, die taalgebruiker is duidelik bewus van die woorde wat gekies word en die regte woorde word vir die regte oomblik gekies. Dit is nie net sommer 'n taal wat gebruik word omdat die spreker nie seker is van homself nie.

## 2.7 Flaaitaal naas ander taalsoorte

Soos elke ander taal is Flaaitaal sterk gekoppel aan 'n bepaalde groep mense. Dit is egter in 'n groot mate die omvang van dié groep wat Flaaitaal taalsosiologies van ander taalsoorte onderskei (Schuring 1981:120). Flaaitaal is ook al met Fanakalo vergelyk. In altwee kom elemente uit verskillende tale voor en altwee word slegs buite die huis gebruik. Volgens Van der Merwe wat deur Schuring (1981:121) aangehaal word, is dit taalsosiologies gesien twee verskillende verskynsels. Flaaitaal word veral, soos reeds gesê is, deur swart jeugdige by sosiale geleenthede gebruik. Fanakalo, aan die ander kant, word hoofsaaklik deur volwasse blankes, Asiërs en swart mense in die werksituasie en in die handel gebesig. Die tipiese funksies van Fanakalo is om kommunikasie tussen mense met verskillende huistale moontlik te maak (Van der Merwe in Schuring 1981:121). Hierdie funksie is nie kenmerkend van Flaaitaal nie; dit is nie die kommunikatiewe funksie wat die *manne* op aandag laat spring nie, maar die eksklusiewe funksie, die funksie wat duidelik maak "that you're one of the gang" (Van der Merwe in Schuring 1981:121). Met ander woorde Flaaitaal is eksklusief en die sprekers wil juis nie die kommunikasie tussen enige persone moontlik maak nie, maar dit duidelik stel dat jy 'n tsotsi is as jy dié variëteit verstaan.

Om op te som is dit dalk nuttig om die verband tussen Flaaitaal en ander tale soos Afrikaans, Engels, Zoeloe, Suid-Sotho, ensovoorts te beklemtoon: dié tale is die beginpunt of die oorsprong van Flaaitaal. Flaaitaal is dus "uit ander tale gebore".

## HOOFSTUK 3

### TAALKEUSES

In hierdie hoofstuk word die teoretiese raamwerk van die studie uiteengesit met die klem op die onderskeid tussen taal en taalkeuses as identiteitsmerker. Daar word ook na gemarkeerde en ongemarkeerde taalgedrag verwys.

Saville-Troike (1982:51) stel dit dat daar verskillende kodes en maniere van praat in elke afsonderlike gemeenskap is, en noem die werk van Gumperz waarvolgens dié verskille in taalgedrag by alle variëteite, dialekte of style gevind word wat in 'n spesifieke, sosiaal gedefinieerde populasie voorkom. Elke individu het ook sy/haar eie verskeidenheid van kodes en style waaruit hulle hulle keuses maak. Die oorsprong van die diversiteit is gegrond op die sosiale organisasie van die groep, wat verskille in ouderdom, geslag en sosiale status insluit. Die wye diversiteit word selfs in die gebruik van taal teenoor vreemdetaalsprekers, jong kinders en diere aangetref (Saville-Troike 1982:51). Die identifikasie van die variëteit in 'n taalkeuse wat in 'n gemeenskap voorkom, byvoorbeeld Flaaitaal in die tsotsi-gemeenskap, is moontlik op grond van verskille in uitspraak, styl of die manier van praat. Dit wil sê, die kommunikatiewe repertoire van 'n groep bevat 'n verskeidenheid moontlike interaksie-strategieë wat beskikbaar is (Saville-Troike 1982:52).

Ten spyte van die groot verskeidenheid taalvorme wat beskikbaar is in die kommunikatiewe repertoire van die gemeenskap, bly dit nog die spreker se keuse om sy eie kode en interaksie-strategie te kies volgens die spesifieke konteks of domein van taalgebruik. Die keuse sal ook van die spreker se taalbevoegdheid afhang. Fishman se definisie van "domein" word in Saville-Troike (1982:52) gegee as: "a socio-cultural construct abstracted from topics of communication, relationships between communicators, and locales of communication, in accord with the institutions of a society and the spheres of activity of a speech community."

Sommige faktore wat die domein beïnvloed behoort tot algemene kategorieë, byvoorbeeld geloof, families en werk. Ander faktore betref rolverhoudings, byvoorbeeld dié van ma-dogter, baas-sekretaresse, ensovoorts. Verder speel kulturele

faktore ook 'n belangrike rol by taalkeuses in elke afsonderlike gemeenskap en in spesifieke kommunikatiewe kontekste/domeine.

Tweetalige sprekers het dikwels kennis oor 'n bepaalde onderwerp deur 'n spesifieke taal aangeleer en kennis oor ander onderwerpe deur die medium van 'n ander taal. Dus mag die spreker dit moeilik vind om sommer enige onderwerp in enige taal aan te spreek (Saville-Troike 1982:53). Taalkeuse het te doen met watter taal of variëteit 'n spreker kies om te praat. As ek 'n Sothospreker is en ek bevind my in tsotsi geleedere, is dit my keuse of ek Sotho met die ander sprekers gaan praat of Flaaitaal gaan kies. Indien ek kies om Flaaitaal te praat doen ek dit om deel van die groep te wees, nie omdat ek noodwendig 'n tsotsi is nie. Nog 'n voorbeeld is die spreker van 'n gegewe taal wat in Engels opgelei is wat dan ook in Engels sal kommunikeer oor 'n onderwerp wat hy in dié medium aangeleer het in plaas van om sy eie taal te kies (Saville-Troike 1982:53). Dosente aan universiteite sal byvoorbeeld gemakliker die Amerikaanse geskiedenis in Engels verduidelik omdat Engels bruikbaar is om Amerikaanse konsepte te verduidelik (Saville-Troike 1982:54). 'n Verdere voorbeeld is Flaaitaal in Suid-Afrika. Die geskiedenis van Flaaitaal kan waarskynlik meer insiggewend in Flaaitaal beskryf word want die kultuur en gewoontes van die tsotsis kan bes moontlik nie so maklik in 'n ander taal beskryf word nie.

In die rolprent *Tsotsi* is Flaaitaal so verstrengel met die tsotsi-kultuur dat die optrede en idees van tsotsis deeglik verstaan moet word voordat jy werklik Flaaitaal gaan verstaan. Die gepaste taalkeuse gaan gepaard met die omgewing en die agtergrond van 'n spreker. 'n Flaaitaal-spreker sal byvoorbeeld by die skool met sy maats Engels praat maar sodra hulle op straat ontmoet is dit waarskynlik dat hulle Flaaitaal sal kies om in hulle sosiale geleedere te kommunikeer.

Die keuse van variëteite binne 'n enkele taal is gegrond op dieselfde faktore. Sprekers sal 'n gebiedsvariëteit in hulle repertoire kies, afhangende met watter groep hulle wil identifiseer, of as hulle van een area na die volgende beweeg. Byvoorbeeld, as iemand wat sy lewe lank in die Vrystaat gebly het Kaap toe trek en midde 'n groep sprekers gaan bly wat duidelik aan hulle variëteit as Kapenaars geken kan word, gaan daardie Vrystaatse spreker baie vinnig die manier van praat van die Kaapse sprekers aanleer. Nog 'n voorbeeld om die keuse van 'n betrokke vorm van taalgedrag te illustreer is as jy

sou kies om te skree: dit mag 'n gepaste keuse in daardie situasie, vir daardie ouderdom en geslag wees, en in 'n ander weer nie. Die keuse van taal hang van die onderwerp en omgewing af, asook die sosiale afstand tussen sprekers (Saville-Troike 1982:54). Die kompleksiteit van vlakke van formaliteit kan geïllustreer word deur verskillende vorme van taalgebruik wat ons sal kies in 'n gegewe spraaksituasie. Beskou byvoorbeeld die situasie waar 'n Japanese dame tee aanbied. Volgens Williams in Saville-Troike (1982:55) demonstreer die aanbieding van 'n koppie tee in hoër- en middelklashuise hoe die Japanese mekaar in die samelewing evalueer. Hulle keuse vir die korrekte taalvorms en die manier van praat is baie belangrik en word goed deurdink. Die manier waarop die tsotsis groet, hand-skud, gebare en die korrekte taal gebruik, illustreer eweneens hoe hulle mekaar in die sosiale kringe respekteer. Die manier hoe Tsotsi met sy vriende in hulle sosiale omgewing praat verskil hemelsbreed van die manier hoe hy met die polisie in die rolprent praat. Die keuse van 'n variëteit hang ook af van hoeveel keer die spreker die mense sien, op watter vlak van respek hy met hulle praat, ensovoorts. Nie-verbale alternatiewe is ook van belang; dit is byvoorbeeld gepas in die (ouer) Afrikaanse kultuur dat 'n man sal opstaan as hy 'n dame groet.

Om saam te vat: daar is 'n verskeidenheid faktore wat 'n rol speel by taalkeuses. Hoewel elke spreker 'n moedertaal het waaraan hy breedweg uitgeken kan word, het hy steeds die keuse om te besluit watter taal of taalvariëteit hy in 'n spesifieke domein wil gebruik.

### **3.1 Kodemerkers**

Die term "kodemerker", soos Saville-Troike (1982:72) dit gebruik, sou ook van toepassing wees op byvoorbeeld Flaaitaal in Suid-Afrika. Flaaitaal word gekenmerk deur verskillende woordeskatitems en vorme van uitspraak. Dié variëteit word gebruik deur sprekers van 'n spesifieke sosiale klas, geslag, en ouderdom, en is bekend aan alle sprekers van die spraakgemeenskap as 'n variëteit in hulle kommunikatiewe repertoire. Saville-Troike (1982:73) noem in hierdie verband die werk van Laver en Trudgill, waarvolgens verskeie kodemerkers geïdentifiseer kan word, naamlik (i) sosiale merkers soos beroepe, sosiale en akademiese status, (ii) fisiese merkers soos ouderdom, geslag en fisiese toestand, en (iii) sielkundige merkers soos persoonlikheid en karaktereienskappe.

Gedrag speel 'n groot rol in die keuse van 'n taal (-variëteit/-vorm). Gedrag is óf gemarkeerd óf ongemarkeerd. Saville-Troike (1982:71) definieer gemarkeerde gedrag op 'n algemene vlak as taalvorms wat tot 'n spesifieke variëteit behoort, byvoorbeeld 'n streekdialek of sosiale dialek. Veranderlikheid in enige aspek van 'n taal kan as moontlike oorsaak vir gedrag dien wat ook woordeskat, uitspraak, ensovoorts insluit. Verskillende variëteite word in elke spraakgemeenskap as uniek beskou. Verskillende aspekte van taal kan verskillende soorte variëteite binne 'n enkele gemeenskap identifiseer (Saville-Troike 1982:72). Byvoorbeeld, my gedrag is gemarkeerd as ek vloek by 'n formele vergadering. My taalkeuse is gemarkeerd as ek kies om Afrikaans te praat in die geselskap van enkeltalige sprekers van Engels. In die geval van Tsotsi kan sy taalgedrag as gemarkeerd beskou word as hy Flaaitaal met Miriam praat terwyl hy weet dat sy nie 'n tsotsi is nie. Met ander woorde, sy keuse van dié variëteit in die geselskap van 'n Sothospreker is selfsugtig. Later in die gesprekke met Miriam praat hy wel Sotho met haar en nie meer Flaaitaal nie.

Labov definieer 'n taalkundige variëteit in Saville-Troike (1982:73) deur 'n onderskeid tussen drie vlakke van kenmerke te tref, naamlik die vlakke van (i) aanwysers ("indicators"), (ii) merker ("marker"), en (iii) stereotipe ("stereotype"). 'n Aanwyser is 'n variëteit wat nie groot aandag trek of selfs waargeneem word in die spraakgemeenskap nie, alhoewel dit wel dien as 'n merker van tale. Hier, volgens Labov, is 'n sekere uitspraak ("accent/pronunciation") 'n *merker* van 'n sekere variëteit. Die gebruik van *manners* om die betekenis van *broer* uit te druk kan byvoorbeeld beskou word as 'n merker van 'n Johannesburgse vorm van Flaaitaal, terwyl die gebruik van *bra* 'n merker is van Kaapse Flaaitaal. 'n Uitspraak in Flaaitaal soos *Da' prrrr ons ap toun-toe* (Dan gaan ons stad toe) is een streekmerker maar dra dalk nie baie gewig in die sosiale omgang van die lede wat nie Flaaitaal kan praat nie. Bothma (1952) het aangetoon dat daar kenmerkende dialekte deur verskillende groepe tsotsis gebruik word. Tsotsis in Johannesburg praat byvoorbeeld 'n ander variëteit van Flaaitaal as dié in die Kaap. Hulle kan almal met mekaar kommunikeer maar die variëteite verskil van area tot area. Die rede hiervoor mag wees dat Johannesburgse Flaaitaal gebaseer is op Sotho en die Kaapse Flaaitaal gebaseer is op Afrikaans. Net so is daar 'n duidelike verskil tussen die Afrikaans van blanke Afrikaanssprekende mense in Pretoria en dié van blanke Afrikaanssprekendes in die Kaap. Vir Labov is 'n merker 'n variëteit wat 'n sosiale waarde aangeneem het; 'n stereotipe vir Labov is die hoogste vlak van kodemering



(Saville-Troike 1982:73). Die stereotipe word gebruik wanneer groepe gekarakteriseer word as daar byvoorbeeld met hulle gespot word. 'n Goeie voorbeeld is die verskille in Flaaitaal. 'n Tsotsi van Johannesburg se woord vir "broer" is *manners* en die bendelid in die Kaap wat ook Flaaitaal praat sal *broer* uitspreek as *bra*. Elke omgewing dra sy karaktertrekke volgens die uitspraak, woorde of sinstrukture van sy variëteit en daar kan 'n stigma aan dié soort klassifisering kleef. Ander in die spraakgemeenskap sal die groep identifiseer deur na hulle uitspraak en die merkers te luister, aangesien dit deel is van kommunikatiewe bevoegdheid.

Sekere kodemerkers is onbeperk in hulle verspreiding en die meeste kom in meer as een variëteit voor. Dieselfde taalkundige variëteit kan verskillende sosiale betekenis hê, afhangende van kenmerke in die kommunikatiewe situasie asook ander kodes wat dalk teenwoordig is of gebruik word (Saville-Troike 1982:74). As 'n spreker byvoorbeeld taal gebruik wat eintlik van toepassing is op 'n baba as hy/sy met 'n tiener praat, kan die tiener geaffronteer voel. Die gepaste variëteit en merker moet in die regte sosiale omstandigheid gebruik word.

## **3.2 Faktore in taalkeuses**

### **3.2.1 Konteks**

Volgens Saville-Troike (1982:75) word variëteite van tale gewoonlik nader verbind aan die konteks waarin dit gebruik word as met die mense wat die variëteit gebruik. Die konteks van 'n gesprek mag die gebruik van 'n ander variëteit van 'n taal vereis al is dieselfde sprekers betrokke en al word dieselfde doel gedien (Saville-Troike 1982:75). Om 'n voorbeeld te noem, die manier van groet in Flaaitaal mag verskil van gebied tot gebied. Daar mag selfs 'n verskil in die taal wees as die tsotsi sy ma groet teenoor die manier hoe hy sy vriende op straat groet. As gevolg van geografiese afstand mag daar ook 'n verskil in die uitspraak tussen sprekers wees. Nog 'n voorbeeld betref die konteks waarin 'n professor interakteer met sy studente. Gepaste taal word bepaal deur faktore soos die grootte van die vertrek en die sitplek rangskikking, byvoorbeeld stoele wat in 'n sirkel of reguit rye gepak is. In so 'n geval is daar verskillende vlakke van formaliteit wat 'n rol speel. Daar kan van die studente verwag word om byvoorbeeld hulle hande op te steek, hulle kan formeel/erkennend aangespreek word voor hulle 'n vraag mag vra

of 'n streng om-die-beurt manier kan gevolg word. Die vlak van formaliteit bepaal die konteks wat die vraag en antwoord beïnvloed, asook die onderwerp (Saville-Troike 1982:75).

In sommige gemeenskappe is 'n sekere konteks nodig vir gebeure om plaas te vind, byvoorbeeld daar is sekere plekke waar ons bid, ander plekke waar ons onderrig gee, ander waar ons stories vertel, en dié kontekste beïnvloed gewoonlik die keuse van verskillende taalvariëteite. Verbode taal is ook soms verwant aan die konteks, soos wat sekere onderwerpe verbode is om oor te praat aan tafel met aandetes of om gekruide taal in 'n aanbiddingsplek te gebruik. Elke konteks is gekoppel aan 'n tyd en plek, en elke konteks het sy gepaste taalgebruiksnorme.

### 3.2.2 Doel

Die keuse van 'n gepaste taalvorm in 'n gegewe situasie en vir 'n bepaalde doel word bepaal deur verskeie faktore, onder meer ouderdom, geslag, onderwerp, sosiale verhoudings, ensovoorts. Verskillende variëteite van taal en patrone van taalgebruik word ook geassosieer met sprekers se geloof, opleiding en beroepe. Saville-Troike (1982:77) noem 'n voorbeeld van Ferguson, waar 'n Japanse Boeddhis sy taalkodes primêr gebruik vir 'n godsdienstige doel. Wanneer die Japanse Boeddhis in Kalifornië in 'n Boeddhistiese kerk 'n soetra uitvoer met Engelssprekende gemeentelede, illustreer dit die reikwydte van 'n sekere variëteit oor 'n wye spektrum van afstand in plek en tyd. In sekere taalgemeenskappe bestaan die geloof ook dat taalgedrag voorgeskryf word deur 'n bo-natuurlike wese en dat slegs die uitverkorenes 'n bepaalde vorm van 'n taal mag gebruik. In ander gevalle word die taalvorm volgens Saville-Troike (1982:78) as "kragtig" beskryf, waarmee bedoel word dat die taalvorm die situasie kan vorm of breek.

Wanneer dieselfde taal vir beide sekulêre en geloofsdoeleindes in 'n gemeenskap gebruik word, is die geloofsvariëteit baie keer meer verouderd of konserwatief; byvoorbeeld, in Engels sal die spreker *thou*, *thee* en *thy* gebruik. Meer algemene merkers bestaan vandag in die moderne taalwêreld, soos sekere leksikale items, morfologiese verbuiging, intonasiepatrone, en liggaamsposisie en gebare. Verskillende voorwerpe met godsdienstige assosiasies word dikwels gebruik met die doel om te

kommunikeer, byvoorbeeld, bene, skulpe, horings en tromme (Saville-Troike 1982:78). Omdat die geloofsfunksies van tale nie in alle spraakgemeenskappe dieselfde is nie, kan geen veralgemening deurgetrek word na ander gemeenskappe toe nie.

Die vraag ontstaan of daar in gevalle soos 'n dispuut of misverstand 'n spesiale variëteit van 'n taal gebruik (moet) word of nie. Beskou byvoorbeeld 'n interaksie tussen 'n dokter en 'n pasiënt. As 'n Koreaanse dokter in Suid-Afrika kom werk en 'n verslag aan die pasiënt moet lewer maar nie genoegsaam taalvaardig is nie, gaan die pasiënt nie die uitslag as geloofwaardig aanvaar nie. Elke spreker sal dus die korrekte variëteit kies vir die betrokke situasie om misverstande te voorkom. Saville-Troike (1982:79) noem die werk van Skopek en van Shuy, wat misverstande tussen dokters en pasiënte herlei na 'n tegniese vlak, spesifiek die onvanpaste gebruik van mediese terme deur 'n dokter. Tog, as die dokter nie mediese terme gebruik teenoor die pasiënt nie, is die vraag of die pasiënt enige vertroue in die dokter sal hê. Ook hier kan verwys word na die tsotsiwêreld. Die bendelede in die rolprent sou min vertroue in die hoofkarakter Tsotsi as leier gehad het as hy nie Flaaitaal kon praat nie, as hy nie die gepaste variëteit van Flaaitaal geken het nie. Tsotsis het geen vertroue in mekaar as hulle nie soos tsotsis klink nie.

Saville-Troike (1982:79) bespreek ook die siening van Franklin, waarvolgens geheime taal die doel kan hê om byvoorbeeld mense teen spoke/geeste te beskerm. Een voorbeeld hiervan is die taal *Ramula agaa*. Hierdie taal word gebruik om mense wat in moerasse rondswerv te beskerm teen spoke en wilde honde. 'n Tweede voorbeeld is *Mumu ne agaa*, wat bekend staan as die fluistertaal, wat deur die Kewa mense van Nieu Guinee gebruik word as ander nie mag hoor wat gesê word nie, byvoorbeeld as daar van diefstal gepraat word. 'n Derde voorbeeld is *Kudiri ne agaa*, ook bekend as geheime taal. Dié taal word net deur die lede van 'n spesifieke groep gebruik. In die geval van Flaaitaal, volgens Bothma (1952:25), is die hoofdoel om buitestaanders uit te sluit. Lede wat nie tot die tsotsibendes behoort nie het geen belang by die taal nie. Die bende is 'n geslote groep wat ook net Flaaitaal onder mekaar praat. Flaaitaal kan ook gebruik word vir die doel van geheimhouding, waardeur sy funksie van identifikasie ook vervul word. 'n Voorbeeld is die woord *amfô* wat vir *broer* of *manners* gebruik word.

### 3.2.3 Geografiese ligging

Volgens Saville-Troike (1982:82) ontwikkel streekvariëteite as verskillende norme ontstaan in die taalgebruik van groepe wat van mekaar verwyder is as gevolg van geografiese ligging. Dié verskynsel kom algemeen voor in woordeskatverskille tussen variëteite van dieselfde taal; byvoorbeeld, soos genoem in Bothma (1952:51), "broer" wat weergegee word as *amfô* of as *manners*. Net soos geografiese grense gereeld verander en uitbrei, so verander die graad van verskille tussen sprekers van dieselfde taal. 'n Voorbeeld hiervan is die verskille in uitspraak van Afrikaans in die Kaap. Die mense van Malmesbury bry hulle woorde op so 'n manier dat die sprekers uit Johannesburg of Pretoria, wat ook Afrikaans praat, mooi moet luister om te verstaan wat gesê word. Al is daar nie 'n streng geografiese verdeling tussen die Kaapse gebiede nie, is daar wel verskille tussen die dialekte van byvoorbeeld die Weskus-sprekers en die Malmesbury-sprekers. Ooreenkomste tussen die sprekers bestaan wel. Hulle praat almal Afrikaans, maar daar is 'n verskil in geografiese ligging wat 'n invloed in hulle interaksie met ander groepe het; mettertyd lei dit tot opvallende dialektiese verskille.

Daar word nie veel aandag aan merkers geskenk wat geografiese variëteit betref nie. Volgens Labov word daar wel op verskille in elke gemeenskap gekonsentreer (Saville-Troike 1982:84), aangesien die merkers hulleself as grens tussen 'n plaaslike groep en buitestaanders voordo. Die grense dien ook as identifikasiesistiem van plaaslike mense as hulle in 'n ander area is. Die belangrikheid van die funksie verskil van gemeenskap tot gemeenskap en is verwant aan die waarde of uniekheid van die variëteit van die betrokke gemeenskap (Saville-Troike 1982:84). Sodra 'n groot groep lede van 'n gemeenskap van een gebied na 'n volgende verhuis, waar die groep se identiteit hoër/laer as die normale status beskou word, word die merkers geassosieer met hulle geografiese variëteit volgens die sosiale status (Saville-Troike 1982:84).

### 3.2.4 Sosiale klas

Wanneer ons na die patrone van taalgebruik in 'n spraakgemeenskap kyk, moet vasgestel word hoe die manier van kommunikasie binne die groter taalkundige repertoire, volgens elke sosiale groep, status en rol, geallokeer word (Saville-Troike 1982:87). Daar moet bepaal word hoe elke groep se status en prestige verskil asook

watter kriteria in die gemeenskap gebruik word om as lid geïdentifiseer te word. Sosiale klas word hoofsaaklik deur ekonomiese status, beroep en ander faktore soos byvoorbeeld akademiese prestasies, ensovoorts, wat spesifiek op die groep van toepassing is, geïdentifiseer. As ons op die ekonomiese status konsentreer, word daar na geld, of die hoeveelheid vee wat jy besit, of hoeveel grond 'n familie het, gekyk. Status word volgens Saville-Troike (1982:87) gewoonlik deur sosiale klas bepaal. Ouderdom en akademiese prestasies is meer in die agtergrond. Selfs dinge soos 'n ouer se huwelikstatus bepaal sy sosiale status in enige gemeenskap. Die rol wat die lid beklee stel sekere eise/verwagtinge aan hom/haar. Daar is ook verantwoordelikhede wat met sosiale status gepaard gaan, byvoorbeeld die minister van onderwys, die hooflid van 'n familie, ensovoorts.

In rigiede gemeenskappe word sosiale klas duidelik geïdentifiseer, rolle word duidelik uitgelê en gepaste taalvariëteite dui die verskille aan. In sulke gemeenskappe kry lede van die laer klas minder geleenthede om bedrewenheid in die hoër taalvorms te bereik. Lede wat nader aan die hoër klas in sosiale kringe lê, is meer in staat om die variëteit wat in so 'n klas gepraat word, aan te leer (Labov in Saville-Troike 1982:88). 'n Voorbeeld hiervan is reeds met verwysing na die bendetipes genoem. Tsotsis leer die taal beter praat sodra hulle van die *speelgroepe* (kleiner groepies wat nog nie as tsotsis beskou kan word nie, met kinders van onder 12 jaar oud) na die *mediums* (tsotsis wat in groepe van drie of vier op straat aangetref word) beweeg, vandaar na die *tjommies*, wat alles deel is van die verskillende vlakke van mense wat Flaaitaal praat. Die sosiale status van 'n tsotsi word ook deur sy taalgebruik geïdentifiseer.

Individue in die tsotsigemeenskap wat opgelei word as bendeledes of selfs leiers in die groepe, leer 'n variëteit van Flaaitaal aan wat gepas is vir hulle sosiale byeenkomste of bedrywighede. Mense se sienings oor die verhouding tussen taalmerkers en sosiale klas het 'n beduidende effek op beide sosiale organisasie en taalpatrone.

### 3.2.5 Ouderdom

In meeste gemeenskappe is ouderdom 'n belangrike maatstaf vir sosiale kategorisering. Saville-Troike (1982:98, 99) stel dit dat daar drie tipes merkers is wat geassosieer word met ouderdom, naamlik (i) inligting oor die spreker, (ii) inligting oor die ontvanger, en

(iii) inligting oor die rolverhouding tussen die twee wat beïnvloed word deur hulle ouderdom.

Merkers wat met jong kinders as sprekers geassosieer word, byvoorbeeld in ontwikkelingsstadiums en babataal, word ook geassosieer met jong kinders wat ontvangers is. Merkers word onder taalkundige modifikasie geklassifiseer wanneer adolessente met jong kinders praat. Die gebruik van babataal word volgens Saville-Troike (1982:99) gewoonlik geassosieer met 'n baba-oppasser rolverhouding. Babataal kan selfs gesien word wanneer 'n jong kind met 'n pop speel of met 'n klein hondjie of katjie, en die taal van die jong kind kan met die ouderdom geassosieer word. Net so kan die gebruik van babataal tussen twee volwasse persone geïdentifiseer word as aanduiding van 'n liefdesverhouding of as 'n belediging, afhangende van die konteks.

Babataal is nie deel van die taalkundige repertoire van alle spraakgemeenskappe nie, maar waar dit wel is, is ooreenstemmende veranderinge van volwasse taalvorms te vinde. Ferguson verwys by verandering in taalvorm na assimilasie, herhaling van woorde, frases, en sinne, en veranderinge in stemtoon (Saville-Troike 1982:99). Die effek van sulke modifikasies op kindertaalontwikkeling is nie duidelik nie. Daar is wel aanduidings dat kinders meer aandag gee as daar in sulke taal met hulle gepraat word (Snow in Saville-Troike 1982:99).

Daar is ook sterk aanduidings dat die gebruik van babataal 'n groot invloed het op die moeder-kind verhouding, veral vanaf geboorte tot op drie- tot vierjarige ouderdom. Die kognitiewe ontwikkeling van 'n kind word ook beïnvloed deur die taalgebruik van 'n ouer met sy kind. Dit kan 'n negatiewe, emosionele invloed op 'n kind hê wat skoolgereed is as die ouer nog steeds babataal gebruik. Sodra kinders graad een toe gaan en hulle het nog net babataal gebruik, verander hulle so te sê onmiddellik na meer volwasse taalvorms.

As dit by Flaaitaal kom, as 'n jong swart man/seun nie deel is van die bendegroepe nie, verstaan hy glad nie die taal van daardie groep nie. Sodra hy 'n sekere ouderdom en sosiale status bereik sal die groep hom inneem as lid. Die spreker moet homself egter bewys deur sy Flaaitaal te ontwikkel. Hy vorder dus van groep na groep, van *speelgroep* na *mediums* (soos reeds verduidelik in 3.2.4) wat ook *tjommies* genoem

word, totdat hy as volwassene as tsotsi bekend is. Die ouer lede van 'n bende het dus hoër status, soos in die meeste sosiale groepe in gemeenskappe. Helfrich verwys ook na ouer mense in 'n gemeenskap en hoe die jonger geslag mag dink en aanvaar dat die ouer mense onbevoeg raak hoe ouer hulle word (Saville-Troike 1982:100). 'n Voorbeeld is as die kinders van ouer ouers vir die ouer geslag kos bestel of die spyskaart vir hulle voorlees.

Spraakmerkers wat geassosieer word met ouderdom dui op fisiese verandering of reflekteer die verskillende status of rolle van sprekers wat met ouderdom gepaard gaan. Sommige merkers kan ook die gevolg van taal- en kultuurveranderinge wees. Dit wil sê, die ouer geslag in 'n gemeenskap gaan altyd 'n ander taalvorm as die jonger geslag praat; byvoorbeeld, ons praat nie meer van *ponde* en *sjielings* nie, maar van *rand* en *sent*. Dit volg dus dat die Flaaitaal wat in 1935 volgens Bothma (1952) ontstaan het, nie meer dieselfde is as die Flaaitaal van 2008 nie.

### 3.2.6 Geslag

Saville-Troike (1982:93) stel dit dat dit in die verlede gewoonlik net mans was wat die formele en geskrewe variëteite van 'n taal geleer is. Mans was vroeër ook meestal meer tweetalig omdat hulle geletterdheidsvlak en kontak met die buitewêreld meer ontwikkel was as dié van vrouens.

In die tsotsiwêreld is die lede slegs mans, en word Flaaitaal gewoonlik slegs deur mans gebruik. As daar 'n vrou is wat deel is van die bendes, word sy gesien as 'n sogenaamde "sjebeen-chick", en ontvang sy dan ook geen respek van die mans af nie.

Die verskil in taalgebruik tussen mans en vrouens kom in alle kulture voor. 'n Vrou sal byvoorbeeld 'n hoër stemtoon gebruik as 'n man. Dit is ook duidelik in gesprekke tussen mans en vrouens dat onderwerpe verskil. Nie-verbale tekens wat in die Afrikaanse kultuur gevind word en wat geassosieer word met manlike tradisies, is om byvoorbeeld hand te skud; vrouens sal mekaar eerder groet deur op die mond of wang te soen. Dit is 'n verdere voorbeeld van differensiasie in die kommunikatiewe patrone en die verskille in sosiale rolle. In tsotsigeledere groet die mans mekaar met 'n geheime handskud. Dit dui ook weer op eenheid.

Soos duidelik blyk uit die talle voorbeelde in Saville-Troike (1982:96) is mans in meeste gemeenskappe die oppergeslag. In gebiede soos Melpa, Tamil, Nadu, ensovoorts, word daar van die vroulike geslag verwag om met die nodige respek met haar man te praat. Abrahams in Saville-Troike (1982:97) gebruik die voorbeeld van 'n Japanse vrou wat nie 'n goeie standaardtaal gebruik nie en beweer dan dat sy as grof beskou sal word. Wanneer daar na 'n styl geluister word wat karaktereienskappe vertoon wat met die teenoorgestelde geslag geassosieer word, mag dit as 'n merker van homoseksualiteit beskou word (Saville-Troike 1982:97).

Dit word soms beweer dat mans op 'n meer intellektuele wyse sal kommunikeer terwyl vrouens se gesprekke meer op die emosionele gerig is en dikwels handel oor onderwerpe wat verband hou met persoonlike voorkoms (Saville-Troike 1982:96). Geslagverskille wat weerspieël word in taalgebruik en talige interaksie, kan nie afsonderlik verstaan word van sosiale faktore en situasies nie. In elke spraakgemeenskap is beide onderling verbind met konteks, ouderdom, sosiale klas, opvoeding, beroep en die rolverhoudings in die kommunikatiewe situasie (Saville-Troike 1982:97).

### **3.3 Identiteit**

Volgens Saville-Troike (1982:187) word positiewe gevoelens teenoor 'n spreker se eie taal soms voortgebring deur die rol wat sy taal as merker van 'n gewenste groep identifiseer; daar is egter ook negatiewe gevoelens as so 'n identiteit verwerp word. In die geval van Flaaitaal is daar die moontlikheid van negatiewe gedagtes en houdings teenoor die taal. Die stigma van bendes, roof, moord, ensovoorts maak hoorders dadelik antagonisties teenoor die taal en selfs teenoor die sprekers daarvan. Die verandering in merkers dui soms op die verandering van gevoelens omtrent die groepsidentiteit vir 'n individu. Verskillende kontekste en verskillende emosies dui ook op die veranderinge in 'n situasie (Saville-Troike 1982:188).

In 'n spraakgemeenskap is taalverwante houdings die maatstaf vir groeplidmaatskap (Saville-Troike 1982:188). Met ander woorde, om 'n Afrikaner te wees moet jy Afrikaans kan praat, om 'n tsotsi te wees moet jy Flaaitaal kan praat. Dit gebeur soms dat immigrante, soos byvoorbeeld mense van Zimbabwe wat na Suid-Afrika kom,



aanpassings moet maak om by die nuwe kultuurgroepe in te skakel, en in sommige gevalle selfs nuwe tale of dialekte moet aanleer. Immigrante verloor nie noodwendig al hulle tradisies nie, maar moet byvoorbeeld Engels aanleer om werk in Johannesburg te kry. Ander wat nie die taal van hulle voorvaders magtig is nie het moontlik wel die taalkundige waardes oorgeërf en met taalhoudings wat die taal self oorleef het, het ander weer totaal en al saam met die Suid-Afrikaners gesmelt.

As 'n spreker 'n keuse maak om deel van 'n groep te wees, is taal die sleutelfaktor. Dit dui ook op sy/haar identiteit, vir beide eie en buite-persepsie. Die wete/gevoel van "behoort" het 'n merkwaardige uitwerking op opvoeding (Saville-Troike 1982:188). Die standaard middelklas Engelse taalpatroon word as model in die Suid-Afrikaanse Engelse skole in die klaskamers gebruik en so ook deur adolessente aanvaar. Die Engels wat deur 'n manlike onderwyser of ouer seun gebruik word sal meer van so 'n aard wees dat hulle deur die taal hulle manlike identiteit kan bewys. 'n Tsotsi praat Flaaitaal om sy identiteit te bewys aan ander lede van 'n groep. Selfs jonger kinders is bewus van die funksie van taal om hulle groepsidentiteit te ontwikkel. Hulle sal ook die gepaste variëteit gebruik om met vriende geïdentifiseer te word.

Lambert wys daarop dat 'n spreker verward kan raak oor sy/haar eie identiteit (Saville-Troike 1982:190). Dit kompliseer die verhouding tussen taal en identiteit. As 'n spreker nie wil hê die hoorder moet agterkom in watter sosiale klas hy/sy val nie, is die rede gewoonlik omdat die spreker in 'n laer sosiale klas as die hoorder is. Taal kan ook 'n belangrike funksie in politieke of nasionale identiteit hê; volgens Saville-Troike (1982:191) is dit byvoorbeeld vir Amerikaners baie belangrik om net Engels te praat. Sodra 'n Amerikaner 'n ander taal as Engels praat, word dit as dislojaal gesien. Daarom is dit ook vir 'n tsotsi so belangrik om Flaaitaal in sy groep te praat, sodat hy kan bewys hy is 'n ware tsotsi, hy behoort tot die groep, sy taal is sy identiteit. Edwards (1994:125) verwys na die ineenvloeiing van taal met groepsidentiteit. Hy konsentreer veral op die etniese en nasionale identifisering en die rol wat taal daarin speel.

### **3.4 Etnisiteit**

Edwards (1994:125) identifiseer etnisiteit as 'n gevoel van groepsidentiteit wat gebaseer is op taal, ras en geloof. Enige mens is verbonde aan of lid van een of ander etniese

groep. Die dominante groepe sal hulleself egter nie sommer identifiseer as 'n etniese groep nie (Edwards 1994:126). 'n Belangrike faktor in persepsies van etnisiteit het te doen met objektiewe teenoor subjektiewe definisies. Onder objektiewe kenmerke kan taal, geloof, ras, ensovoorts geïdentifiseer word (Edwards 1994:126). Objektiewe etniese groepsidentiteit verteenwoordig oënskynlik iets wat as vanselfsprekend gesien kan word, dinge wat jou outomaties bind tot 'n sosiale groep (Edwards 1994:126). Dus kan ons van die standpunt uitgaan deur te sê dat etnisiteit 'n onwillekeurige gesteldheid is waarin lede algemene/alledaagse sosiale aktiwiteite praktiseer of kulture deel (Edwards 1994:126).

Party nasies mag dalk meerderheidstatus in 'n betrokke staat toeken aan 'n taal wat nie die status van 'n wyer bekende taal as kommunikasiemiddel beklee nie, maar wat in 'n sekere mate 'n meerderheidsrol het wat deur die samelewing aanvaar word (Edwards 1994:139). Flaaitaal word regoor Suid-Afrika gepraat, maar dit is nie 'n erkende landsweye taal nie, dit is 'n variëteit wat sekere groepe mense kies om te praat as gevolg van identiteit. Die meerderheidstaal kan gewoonlik direk na dinge soos status, geslag en dominansie wys wat meestal baie belangriker is as die getal mense wat die meerderheid- of minderheidstatus besit. Edwards (1994:139) gebruik Suid-Afrika as voorbeeld. In 1994 was Engels en Afrikaans gesamentlik die amptelike tale met ongeveer ses miljoen moedertaalsprekers (Edwards 1994:139). Die vraag is nou, ten spyte van die getalle, watter groep die meerderheidstatus beklee. Dit is so ver duidelik gestel dat konteks en gesag van groot belang is. As ons oor die algemeen die idee van dominansie insluit, mag daar ooreengekom word dat sekere minderheidsgroepe kleiner is as ander (Edwards 1994:139).

Ons moet wel in gedagte hou dat sekere minderheidsgroepe immigrante is; byvoorbeeld, as ons na Suid-Afrika se Afrika-groepe kyk, is baie immigrante van Zimbabwe, Mosambiek, ensovoorts. Deur ook te verwys na die voorbeeld in Suid-Afrika en die Flaaitaal-situasie ontvang die leser insig in verband met die hoeveelheid Flaaitaalsprekers in Suid-Afrika. Sommige groepe sal uit vrye wil minderheidsgroepe bly terwyl ander groepe so klein is dat hulle geen sê het ten opsigte van posisie nie. Die Flaaitaalsprekers is bewus daarvan dat Flaaitaal nie 'n amptelike taal in Suid-Afrika is nie en daarom sal die meerderheid sprekers in Suid-Afrika nie Flaaitaalsprekers wees

nie. Hierdie sprekers kies Flaaitaal om deel van 'n groep sprekers te wees wat dit as 'n identiteitsmerker gebruik, nie om van Flaaitaal 'n landstaal te maak nie.

'n Moedertaal, hetsy Afrikaans, Engels, Zoeloe of Sotho, is 'n genetiese vingerafdruk van onmiskenbare kulturele identiteit. 'n Genetiese vingerafdruk is nie iets wat jy kan kies nie, dit word aan jou gegee (Pütz 1997:34). Dit is 'n vraag oor identiteit. Taal waarborg ook bevoorregte toegang tot die kultuur van sy sprekers. Met ander woorde, 'n individu behoort of behoort nie tot 'n sekere kultuurgroep en taalgemeenskap. Daarom is dit vir die tsotsigemeenskap belangrik om die taal as identiteitsmerker te gebruik. 'n Taalkeuse is nie net 'n medium om gevoel oor te dra nie, maar dit druk op sigself iets uit, dit het kwaliteite wat in 'n sekere mate tot die kern van die intellektuele, kulturele bestaan van mense lei, wat 'n ander taal nie kan doen nie (Pütz 1997:34). 'n Taal lei ook ons gedagtes. Sodra ons 'n gedagte kan uitdruk, het ons reeds die gedagte in 'n sekere taalkeuse geformuleer.

Om saam te vat: die keuse van variëteite binne 'n enkele taalgemeenskap hang van die individu af. Hierbo is verwys na gemarkeerdheid en ongemarkeerdheid wat gedrag aanbetref. Faktore wat 'n rol speel in taalkeuses sluit in konteks, die doel van die keuse, geografiese ligging, sosiale klas, ouderdom en geslag. Identiteit en etnisiteit het 'n groot invloed op die taalkeuse van elke individu. Met ander woorde, identiteitsmarkering deur 'n taalkeuse vind elke dag in alle fasette van die lewe plaas. In die volgende hoofstuk word voorbeelde van verskillende funksies wat taalkeuses in die rolprent *Tsotsi* verrig, geanaliseer, met die klem op taalkeuse as identiteitsmerker.

## HOOFSTUK 4

### ANALISE VAN TAALKEUSES IN DIE ROLPRENT *TSOTSI*

In hierdie hoofstuk word die funksies van verskillende taalkeuses in die rolprent *Tsotsi* bespreek, met die klem op identiteitsmarkering teen die agtergrond van die faktore in taalkeuses wat in hoofstuk 3 bespreek is. Die verskillende taalkeuses van die verskillende karakters word vanuit hierdie perspektief geanaliseer.

In terme van metodologie, is elke voorbeeld van 'n taalkeuse eerstens geïdentifiseer, dit wil sê, gevalle waar die taalkeuse in die draaiboek iets spesifiek aangedui het is geïdentifiseer. Daarna is elk van hierdie gevalle ortografies getranskribeer. Die gevalle is voorts gekategoriseer in terme van die funksie wat die taalkeuse vervul het en/of die faktore wat tot die taalkeuse bygedra het. Die funksies en faktore is laastens in verband gebring met dié van Saville-Troike (1982), soos in die vorige hoofstuk uiteengesit. Verdere faktore (uniek tot die konteks in die rolprent) is geïdentifiseer en word in die verskillende onderafdelings hieronder bespreek.

In hoofstuk 3 is aangedui dat mense taalkeuses binne 'n konteks vir 'n spesifieke doel en vir verskillende redes soos aanvaarding, groepsidentiteit, ensovoorts, maak. Woorde, frases, style en tale word byvoorbeeld deur individue en groepe gekies om aan hulle onderskeie behoeftes te voldoen. Sodra 'n individu 'n taalkeuse maak met die doel om met ander sprekers te kommunikeer, hang die keuse van die taal van die spreker af. Dit is ooglopend volgens hoofstuk 3 dat mense die vermoë besit om hulle taalkeuses aan te pas by enige nuwe omstandigheid (Pütz 1997:31). In enige situasie speel die taal van die spreker 'n kritieke rol, want dit is dikwels die geval dat 'n hoorder nie jou taal verstaan nie.

Saville-Troike (1982) se funksies van en faktore in taalkeuses soos in hoofstuk 3 uiteengesit, word hier op die taalkeuses in *Tsotsi* toegepas. 'n Verwysing na die konteks dui duidelik daarop dat die omgewing 'n invloed het op enige taal wat gepraat word. Met ander woorde, die uitspraak van Flaaitaal in Johannesburg is duidelik anders as die uitspraak in die Kaap. Nog voorbeelde van faktore in die rolprent is die doel van 'n variëteit. 'n Spreker praat dié spesifieke variëteit en nie sy moedertaal nie om deel van

'n groep te wees. Sosiale klas, ouderdom en geslag het ook duidelike invloede in die gebruik van taal. Tsotsi se ouderdom kan byvoorbeeld in aanmerking geneem word. Hy is 'n jong tiener en wil graag deel van 'n in-groep wees. Geslag speel ook 'n belangrike rol in die tsotsilewe. Die tsotsi identiteit word slegs aan mans toegeken. Bogenoemde faktore speel in die konteks van die rolprent 'n rol in taalkeuses.

#### **4.1 Taalkeuse as identiteitsmerker**

'n Taalkeuse word deur die spreker gemaak om hom-/haarself te identifiseer in 'n groep sprekers. Die keuse van 'n taal het betrekking tot die situasie waarin die spreker hom-/haarself bevind. In hoofstuk 4 is na groepsidentiteit verwys, waarvolgens 'n spreker sy taalkeuse ook so kies dat hy/sy gemaklik in die situasie voel. Volgens Labov is die uitspraak en die aksent van 'n spreker se taalkeuse 'n identiteitsmerker (Saville-Troike 1982:73). Byvoorbeeld, die uitsprake van Flaaitaal in Johannesburg verskil van die uitsprake van Flaaitaal in die Kaap.

##### 4.1.1 Spreker se gedeelde sosiale identiteit

In die konteks waarmee die rolprent begin, is Tsotsi en sy vriende besig om 'n dobbelspel te speel. Die taalkeuse van die vier vriende is Flaaitaal. Al vier van hulle is tsotsis en dit word van tsotsis verwag om in hulle sosiale omgang Flaaitaal met mekaar te praat, soos in (10).

(10)

- Tsotsi: Da'prrr ons ap toun-toe. As ons da' kom ons jag an soos moesjoes.  
(Dan gaan ons stad-toe. As ons daar kom speel ons met 'n dobbelsteentjie.)
- Aap: Een van ons kry somme' lang spiet da' gôï hy hulle stuk kent.  
(Een van ons kry miskien 'n groot geluk en wen baie.)

Flaaitaal is wel nie hulle moedertaal nie. Die keuse van Flaaitaal binne die konteks waarin Tsotsi en sy vriende besig is met 'n dobbelspel mag dien om die spreker se gedeelde sosiale identiteit met ander in die gesprek uit te druk. Tsotsi kies om Flaaitaal te praat want sy identiteit as 'n tsotsi in die sosiale kringe in die lokasie is vir hom

belangrik. Hy identifiseer homself as 'n tsotsi, 'n bendelid, 'n leier in sy klein kringetjie vriende. Daar is 'n moontlikheid dat sy keuse dalk so funksioneer om die ander sprekers se gedrag te reguleer, met ander woorde, as hy Flaaitaal praat, praat die drie vriende ook Flaaitaal. Hy word geassosieer met die term "tsotsi". As identiteitmerker kies hy Flaaitaal as kommunikasiemiddel met ander tsotsis. In dieselfde situasie praat Boston, Aap en Butcher ook Flaaitaal. Hierdie sprekers se gedeelde sosiale identiteit word in die gesprek uitgedruk sodat hulle in die bendegroep aanvaar kan word as tsotsis, soos in (11).

(11)

Butcher: Kom ons by die koektiesj, sê ons: "Asjê Mam. Ons norag sop."  
Kom ons by die drinkhuis, sê ons: "Asje Mam. Ons wil bier hê."

#### 4.1.2 Uitsluiting van ongenooide spreker-hoorder

As ons na die volgende konteks kyk waar die vier bendelede in Soekie se sjebeen is, is die taalkeuse weereens Flaaitaal. In hoofstuk 2 is verwys na sosiale gebeure binne die tsotsigemeenskappe. In omstandighede soos sjebeens, dobbelspelle, roof, ensovoorts is die taalkeuse Flaaitaal. Die funksie hiervan is om ongenooide hoorders uit gesprekke te sluit. In die sjebeen praat die lede oor die moord van die man op die trein. Boston praat die meeste in hierdie konteks, soos in (12).

(12)

Boston: Hy slaan skê's terug want hy hôp die mannes sal hom somme' kwatsa, sal hom somme' sônônô maak.  
(Hy slaan kwalik terug want hy weet die manne sal hom sommer steek, sal hom sommer doodmaak.)

Hy is 'n geleerde man wat besig was om onderwys te studeer, maar wat sy studies moes staak as gevolg van finansiële omstandighede; nou bevind hy hom in tsotsigeledere en praat Flaaitaal in hulle geselskap. Sy Engels is baie goed en die ander vriende, Tsotsi, Aap en Butcher, beskou hom as die slim een in die groep. Hy praat juis nou en dan Engels sodat die ander lede vir hom respek as geleerde man kan hê, soos in (13).

(13)

Boston: Tsotsi, do you know what the word *decency* means?  
(Tsotsi, weet jy wat die woord *ordentlikheid* beteken?)

Hy probeer aan Tsotsi sê dat hy as gevolg van die moord sy ordentlikheid of waardigheid verloor het. Boston gebruik juis Engels om sy deftigheid as spreker oor te dra. Boston wil daardeur bewys dat hy slimmer is as die ander lede van die bende en wil graag hê dat hulle dit sal onthou.

#### 4.1.3 As teken van sosiaal-aanvaarbare identiteit

In die konteks waar Tsotsi die baba na Miriam neem om versorg te word, praat hy Sotho met die meisie. Hy weet dat sy die tsotsilewe sal afkeur en daarom praat hy suiwer Sotho met haar. Hierin lees ons ook die sosiale identiteit wat hy wil uitdruk. Hy hou dadelik van Miriam en wil haar en die baba nie seermaak nie. 'n Tsotsi bemeester gewoonlik 'n wye reeks spraakvariëteite en gebruik dit om sy kommunikatiewe behoeftes te bevredig in samehang met die situasie, die dialoog, en die doel van die kommunikasie. Op grond van die sosialisering in ons taal, blyk dit natuurlik vir ons dat sekere vorms van taal normatief verbind is met sekere situasies en sekere kommunikatiewe doelstellings. Vir Miriam is dit net natuurlik om Sotho te praat. Dit gee uitdrukking aan haar etniese, sosiale en kulturele identiteit. Sy druk haarself uit as 'n opregte Sothovrou, 'n ma van 'n babaseuntjie, 'n Afrikavrou wat in 'n lokasie woon en 'n bestaan vir haar en haar baba op haar eie moet bewerkstellig. Haar taalkeuse is Sotho en só distansieer sy haar ook van Tsotsi en sy leefwyse as bendelid, soos deur (14) geïllustreer.

(14)

Miriam: Kgotlisetsa ngwana ho nna, monodisa jwalo ka ngwana ka  
(Gee die baba vir my, ek sal hom grootmaak soos my eie.)

## 4.2 Kultuurgebonde taalkeuses

In hoofstuk 3 is genoem dat etnisiteit en nasionalisme 'n rol speel by die keuse van 'n taal. So kan taalkeuse ook dien as 'n merker van kultuur. 'n Aantal voorbeelde van hierdie funksie van taalkeuse kom in die rolprent *Tsotsi* voor.

### 4.2.1 In die hospitaalkamer

Na die motorkaping waartydens *Tsotsi* vir Mevrou Dube in die maag geskiet het, het die polisie haar in die hospitaal besoek. Die verskillende tale wat in die hospitaalkamer gepraat word dui die verskillende kulture aan wat verteenwoordig word. Elke karakter kies ook sy/haar eie taal om in te kommunikeer. Die keuse van elke afsonderlike identiteitsmerker hang van elke spreker self af, soos in (15).

(15)

Kaptein Smit: Mrs. Dube, can you identify the shooter?

(Mevrou Dube, sal u die kaper kan identifiseer?)

Mevrou Dube: Ketla mmolaya ka matsoho aka, hanka mofumana

(Ek sal hom met my kaal hande doodmaak as ek hom in die hande kry.)

#### 4.2.1.1 Kaptein Smit

Kaptein Smit is 'n blanke man wat Afrikaans, Engels en Sotho kan praat, met Afrikaans as sy moedertaal, en wat sy eie identiteit uitleef deur Afrikaans sy algemene taalkeuse te maak. Sodra hy in die geselskap van andertalige sprekers is kies hy 'n identiteitsmerker om homself mee te identifiseer en deel van die groep te maak. In die hospitaal kies hy om Sotho met Mevrou Dube te praat om inligting te in met betrekking tot die skietvoerval. Hy maak dus Sotho sy identiteitsmerker om deel van die gesprek te wees en omdat hy weet die Dube-gesin is Sothosprekend, soos in (16).

(16)

Kaptein Smit: Miss Dube retla mothola motho yeo.

Ons sal die persoon opspoor Mevrou Dube.



In 'n volgende toneel praat Kaptein Smit weer Afrikaans met die konstabel omdat hy weet die konstabel is Afrikaanssprekend en hy vereenselwig hom met die taal omdat dit ook sy moedertaal is.

#### *4.2.1.2 Mevrouw Dube*

Mevrou Dube is 'n welgestelde Afrikavrou wat daarvan hou om mooi aan te trek en gesteld is op haar kultuur. Haar identiteit as Afrikavrou word weerspieël deur haar keuse van Sotho as kommunikasiemiddel. Sy laat die kaptein ook beseft dat sy 'n geleerde vrou is deur in sekere gevalle Engels met hom te praat. Die keuse van Sotho binne die hospitaalkamer-konteks mag dien om die spreker, Mevrouw Dube, se gedeelde etniese identiteit met haar man in die gesprek uit te druk. Mevrouw Dube reageer op die vrae wat aan haar gestel word deur Kaptein Smit deur Sotho en Engels met hom te praat. Sy kies Engels om aan die kaptein en konstabel te wys dat sy in hulle taal kan kommunikeer, en Sotho om haar afstand as Sothovrou uit te druk. Mevrouw Dube se etniese identiteit is Sotho en sy wil haarself graag so uitdruk. Sy doen dit soos in (17) deur Sotho met haar man te praat omdat dit deel van hulle albei se kultuur is.

(17)

Mevrou Dube: O kgotlisetse nguaua wa rona ho rona, a bolokehile.

(Jy moet ons baba veilig terug kry my man.)

#### *4.2.1.3 Meneer Dube*

Meneer Dube aan die ander kant praat net Sotho met Kaptein Smit. Daar is 'n duidelike kulturele identiteit as dit by Meneer Dube kom. Hy is 'n trotse Sothoman en dra dit ook so uit in sy taalkeuse. Hy twyfel nie oor sy taalkeuse nie want hy wil sy afstand as Sothosprekende persoon duidelik laat geld omdat hy vanslefsprekend baie ontsteld is oor die skietvoorval waarin sy vrou betrokke was; hy voel waarskynlik ook dat hy hom duideliker kan uitdruk in sy eie taal, soos deur (18) geïllustreer.

(18)

Meneer Dube: Ke mehato efeng yeo maponisa atlang ho euka, hothola ya molato.

(Watter stappe gaan die polisie neem om die skurk te vang?)

#### 4.2.1.4 Die konstabel

Die konstabel wat saam met Kaptein Smit is, is 'n Afrikaanssprekende kleurling man. Hy karakteriseer homself deur Afrikaans met Kaptein Smit te praat. Hy kies Afrikaans as sy taal en dra ook by tot die gesprek met mevrou Dube deur haar te verseker dat die polisie alles in hulle vermoë sal doen om die skurk te vang, soos in (19).

(19)

Konstabel: Na aanleiding van u beskrywing sal ons ons bes doen om die skurk te vang Mevrou Dube.

#### 4.2.2 Tsotsi en die bedelaar by die treinstasie

'n Volgende konteks waar Flaaitaal gebruik word is in die toneel met Tsotsi en die gebreklige bedelaar by die treinstasie. In daardie konteks is 'n duidelike uiteenloping van taalkeuses. Tsotsi aan die een kant gebruik Flaaitaal om sy identiteit as 'n bendelid uit te druk. Hy wil ook aan die bedelaar wys dat hy anders is. Dit dui op verskillende funksies van taalkeuses met die klem op identiteitsmarkering. Beide die karakters, Tsotsi en die bedelaar, kies sy eie taal om 'n spesifieke rede: die keuses dui op elkeen se eie identiteit en wat hy deur die keuse probeer sê en wys. Die bedelaar praat Flaaitaal, Sotho, Afrikaans en Engels met Tsotsi. Sy gebrabbel en mengelmoes van tale dui op sy verwarde identiteit. Die dui ook op die vrees wat hy vir Tsotsi het, en die angsk oor die onverwagte wat hom dalk gaan oorkom, soos blyk uit (20).

(20)

Bedelaar: Agge man, hoe kan jy 'n ou man so bang maak. Hie so, take it, dis al wat ek het, vat die geld.

(Ag nee man, hoe kan jy 'n ou man so bang maak? Hier, vat dit, dis al wat ek het, vat die geld.)

Die ou man is verwese en moet bedel vir geld, hy is afhanklik van ander se aalmoese. Al wil die ou man graag uit sy rolstoel opstaan en dalk suiwer Sotho praat sal Flaaitaal steeds deel van hom bly. Hy kan kies om sy moedertaal, Sotho, te praat, maar kan nog steeds in die sosiale kringe van tsotsis Flaaitaal kies om sy sosiale identiteit uit te druk.

#### 4.2.3 Fela en die vier bendelede

In die gesprek tussen Fela, Aap, Boston en Butcher in die sjebeen praat hulle almal Flaaitaal, Afrikaans, Engels en Sotho. Fela praat Flaaitaal met Boston om sy identiteit as 'n belangrike man uit te druk. Hy praat ook Engels en Afrikaans met Boston om sy intelligensie aan hom bekend te maak. Boston vra dat Fela die woord *decency* moet spel en Fela gebruik dié geleentheid om aan Boston te wys dat hy 'n geleerde man is en nie net 'n tsotsi nie.

Twee-/meertalige tsotsis is in 'n situasie waarin hulle 'n taalkeuse kan maak. Al word die taalkeuse onder druk geplaas in sekere situasies wat grootliks Flaaitaal bevoordeel, bly dit 'n taalkeuse. As die voortbestaan van Sotho nie meer die groter doel tot kommunikasie in 'n tsotsi se sosiale lewe vervul nie, sal die spreker 'n ander taalkeuse maak, soos dit dan ook voorkom in die geval van die karakter Tsotsi. Sy sosiale lewe speel 'n groter rol en die taalbehoefte waarin hy homself bevind, om sy identiteit as bendelid te volstaan, is dan ook sy keuse wat Flaaitaal is. In terme van die sosiale groep en die taalbronne wat beskikbaar is vir die sprekers, verskil die proses van taalkeuses nie buitensporig van die aanneming van 'n taal waardeur 'n gemeenskap voortdurend verseker dat dit wel die medium van kommunikasie vir die meerderheid sprekers in 'n kommunikatiewe konteks is nie. Tsotsi in Soekie se sjebeen praat net Flaaitaal, dit is die keuse van die meerderheid sprekers waartussen Tsotsi hom bevind, soos wanneer Tsotsi met Boston praat toe dié op die grond lê in (21).

(21)

Tsotsi:           Slat jou lat jy lyster.  
                    (Ek slaan jou sodat jy luister.)

Die keuse van byvoorbeeld Flaaitaal ter wille van identiteitsmerker, word oor die algemeen aanvaar. Hoewel die keuse van Flaaitaal verdoem word in ander sosiale kringe en kulture, omdat dit geassosieer word met diefstal, moord, ensovoorts, word Flaaitaal nie tot stilstand gedwing nie. Die taal leef voort soos enige ander taal as gevolg van keuses wat sprekers maak. Enige taal leef voort op verskillende vlakke soos dialekte, woordeskatterryking deur te leen van ander tale, en die aanneming van 'n addisionele vorm van taal in spesifieke areas van spraak.

### 4.3 Taalkeuse as sosiale meganisme

Om sosiaal te kan verkeer moet 'n spreker 'n taal kies om te kommunikeer. Elke individu maak sy/haar eie keuse om deel van 'n gesprek te wees. Tsotsi en sy vriende kies almal Flaaitaal om in hulle sosiale kringe as tsotsis geïdentifiseer te word. Die sosiale aspek van 'n taalkeuse lei daartoe dat elke individu tot 'n groep kan behoort. Om sosiale afstand aan te toon word 'n taal gekies wat ander mense sal uitsluit wat nie deel van die gesprek is nie. 'n Spreker sal byvoorbeeld Flaaitaal praat sodat die ander Sothosprekers wat nie tsotsis is nie, nie sal verstaan wat daar gesê of beplan word nie. Die uitsluiting van so 'n spreker kom dan duidelik in die deelname van die gesprek voor, byvoorbeeld in (22) waar Tsotsi en sy vriende die roof beplan.

(22)

Tsotsi: As hy tiem'la jag ons hom aan soos dombul.  
(As hy teëpraat gryp ons hom.)  
Die tyd as hy pazie, ons dam hom skwêê.  
(As hy hom teësit, oorweldig ons hom, ons beroof hom.)

#### 4.3.1 Om sosiale afstand aan te toon

'n Voorbeeld uit die rolprent waar taalkeuse gebruik word om afstand aan te toon is as Meneer Dube praat. Hy praat Sotho met Kaptein Smit om sy afstand van hom as Afrikaanssprekende polisiekaptein uit te druk. Sotho se identiteit is nie gegrond in 'n genetiese vingerafdruk nie, maar in sy sprekers se gewilligheid om so 'n identiteit te erken en aanvaar en om Sotho as deel van 'n tradisie te oorweeg en dit te onderskei van ander tale. Dit geld ook vir enige ander taalkeuse. Elke spreker van 'n spesifieke taal, hetsy Sotho, Afrikaans, Engels of selfs Flaaitaal, maak 'n taalkeuse en beskerm daardeur sy kultuur en taal teenoor ander tale.

#### 4.3.2 Uitsluiting

Sodra die vier vriende by die Dube-gesin se huis inbreek praat hulle Flaaitaal met mekaar, maar Meneer Dube praat Sotho en Engels. Meneer Dube kies Engels as identiteitsmerker om aan Tsotsi en sy vriende te wys dat hy nie deel is van hulle nie, hy

is nie 'n tsotsi nie. Meneer Dube is ook baie ouer as Tsotsi en sy vriende en soos in hoofstuk 3 genoem is ouderdom 'n groot maatstaf vir sosiale kategorisering vir Flaaitaal. Hy praat ook nou en dan Sotho met hulle want hy weet dat hulle Sotho verstaan en hy wil sy afstand van hulle as tsotsis weergee en beklemtoon, soos in (23).

(23)

Meneer Dube:           Please take whatever you want.  
                                  (Vat asseblief wat julle wil hê.)

Tsotsi en sy vriende praat Flaaitaal vir hulle eie identiteit en deel nie die gesprek met Meneer Dube nie. Tog bly enige taal 'n keuse by elkeen van ons en elke spreker se sosiale, kulturele en etniese identiteit speel 'n groot rol in die keuse daarvan. Aap het ook tydens die inbraak Engels met Meneer Dube gepraat, soos in (24).

(24)

Aap:                    Would you like something to eat? Would you like some of your own wine?  
                                  (Wil jy iets hê om te eet? Wil jy van jou eie wyn drink?)

#### **4.4    Invloed van taalkeuse**

Onder alle omstandighede het taal 'n invloed op enige spreker of selfs 'n hoorder. Die invloed van taal op Tsotsi se sosiale lewe het 'n groot rol gespeel toe hy groter word. Tsotsi gebruik Flaaitaal as sosiale meganisme, soos in 4.2 genoem, om deel van 'n groep te wees. Sy geslag, ouderdom, identiteit en die feit dat hy 'n swart Afrika man is dra by tot die invloed van sy keuse van Flaaitaal as identiteitsmerker.

##### **4.4.1   Tsotsi as kind**

In 'n ander konteks in die rolprent word gekyk na Tsotsi as kind by sy ma wat besig is om te sterf. Hy dink terug toe sy ma met hom gepraat het. Sy praat Sotho met Tsotsi en hy is slegs 'n seuntjie van min of meer tien jaar oud. Sy identiteit as kind word weerspieël deur die min woorde wat hy vir sy ma sê, wat ook in Sotho is (wat dui op sy onskuld en onkundigheid). Hy praat nie veel nie en reageer net as sy pa die hond skop

en op hom skree, dan hardloop Tsotsi weg van die huis af. Hy het as kind nie groot geword met 'n groot invloed van sy ouers wat taal aanbetref nie. Hy het later maar sy eie keuse gemaak, wat dan Flaaitaal was. Reman in Pütz (1997:42) gebruik die uitdrukking "Une langue est u plébiscite de tous les jours" ("A language is the expression of a collective will"). Dit is nie 'n definisie nie maar slegs 'n beskrywing van een van die sosiale aspekte van tale. Met ander woorde, as 'n spreker nie sosiaal deel is van 'n groep nie, is daar afstand wat taal aanbetref en die spreker voel uitgesluit.

#### 4.4.2 Sotho as taalkeuse en die invloed daarvan

Die taalkeuses wat Kaptein Smit maak varieer van een konteks na 'n ander en volgens die sprekers waarmee hy te doen het. In die eerste gedeelte het ons reeds gesien dat hy Sotho met die Dube-egpaar praat omdat hulle Sothosprekendes is. Hy assosieer hom met hulle taalgebruik om seker te maak hulle verstaan hom en om deel van hulle situasie te wees. Hy, as blanke Afrikaanssprekende, neem nie noodwendig die Sothokultuur aan nie maar vereenselwig hom met Sotho as identiteitsmerker. In 'n volgende situasie praat Kaptein Smit met Soekie by die sjebeen. Hy probeer meer inligting oor Tsotsi inwin sodat hy hom en die baba in die hande kan kry. Sy taalkeuse met Soekie is ook Sotho omdat hy weet, al is sy 'n sjebeen-koekie, sy verstaan Sotho. Hulle kommunikeer dus albei in Sotho sodat hulle op sosiale vlak mekaar kan verstaan, en hulle wil nie noodwendig hulleself van mekaar distansieer nie. Daar is wel ander tsotsis in die sjebeen terwyl die kaptein daar is, wat Flaaitaal praat. Hulle het nie nodig om met die kaptein te kommunikeer nie en daarom praat hulle Flaaitaal om hulle afstand van hom as Afrikaanssprekende polisiebeampte uit te druk. Dit is ook gesprekke wat nie gedeel word met die polisie nie. Dit dui die keuse van 'n eie identiteit aan.

#### 4.4.3 Tsotsi en Flaaitaal

In die laaste toneel in die rolprent, waar Tsotsi die baba terugneem na die Dube-gesin se huis, is daar verskillende karakters met verskillende taalkeuses betrokke. In die eerste plek is daar Tsotsi. Hy praat Flaaitaal met die baba wat in die sak lê. Hy is bewus dat die baba hom nie verstaan nie, maar probeer sy gedagtes oordra aan die baba, soos in (24).

(24)

Tsotsi: Keo kgutlisetsa ho batswadi ba hao mme o seke walla.

(Ek neem jou terug na jou ouers. Moenie huil nie.)

Flaaitaal as sy identiteitsmerker dui daarop dat Tsotsi sy eie self ontdek het en die taalkeuse laat hom gemaklik voel.

Dan is daar die Dube-egpaar. Meneer Dube laat dadelik die polisie weet dat Tsotsi voor die deur is en praat Engels met die konstabel wat in die huis is. Die konstabel in dié konteks laat weet dadelik vir Kaptein Smit, in Afrikaans, dat die kaper, Tsotsi, voor die deur is. Die konstabel, 'n Afrikaanssprekende persoon, kies om Afrikaans met Kaptein Smit te praat want dit is sy identiteitsmerker. Meneer Dube storm uit om Tsotsi te ontmoet en kies om Sotho met hom te praat. Hy wil homself nie distansieer en 'n gevoel van vrees by Tsotsi skep of Tsotsi laat voel dat die ander sprekers hom uitsluit nie. Meneer Dube gebruik Sotho sodat hy seker kan wees Tsotsi sal hom verstaan, en omdat hy besef dat Tsotsi dalk die baba sal seermaak as hy 'n taal praat wat Tsotsi nie verstaan nie (sien (25)).

(25)

Meneer Dube: Rekopa o kgotlisetse ngwana ho mme wa hae, rekefe rae etsu letho le lebe.

(Gee asseblief die baba terug aan sy ma, ons sal jou nie seermaak nie.)

Die polisie arriveer en skree dadelik in Sotho vir Tsotsi om stil te staan. Kaptein Smit praat ook Sotho met Tsotsi en sê hy moet die baba aan sy vader gee. Kaptein Smit kies Sotho as sy identiteitsmerker om aan Tsotsi te toon dat hy as blanke Afrikaanssprekende man tog ook deel van die Sotho-gesprek is. Mevrouw Dube kom uitgestorm en wil dadelik op Tsotsi afstorm. Sy praat dadelik in Sotho met Tsotsi en sodra die konstabel haar wil keer praat sy Engels met hom. Sy praat Sotho met Tsotsi want sy weet hy sal Sotho beter as Engels verstaan, en Engels met die konstabel want hy is 'n professionele beampte en sy 'n opgevoede werkende vrou. Nadat Meneer Dube in Sotho as taalkeuse met Tsotsi gekommunikeer het, gee Tsotsi die baba terug en die polisie skree in Sotho op hom om sy arms omhoog te lig.

#### 4.5 Samevatting

Elke spreker in die rolprent baseer sy/haar taalkeuses in verskillende kontekste op verskeie faktore wat aan identiteit gekoppel kan word. Elke spreker het sy/haar eie identiteit(e) en wil dit graag so uitdruk, hetsy dit te doen het met sy/haar sosiale, kulturele of etniese identiteit. In hierdie hoofstuk is gekyk na taalkeuse as identiteitsmerker in die rolprent *Tsotsi*. Die keuse van Flaaitaal speel 'n groot rol in die rolprent en dit word gereeld deur verskeie karakters as taal gekies. Daar is ook verwys na taalkeuse as kultuurmerker. Met verwysing na hoofstuk 3 is dit belangrik om in gedagte te hou dat etnisiteit en nasionalisme 'n invloed op die keuse van 'n taal het. Taalkeuse as sosiale meganisme dui daarop dat 'n taalkeuse sosiale afstand kan aantoon. Uitsluiting vind gereeld in die sosiale meganisme van taalkeuse plaas. Dit blyk wel duidelik uit die moontlikheid dat verskeie identiteite uitgedruk word, soos in die geval van *Tsotsi*. Hy gebruik verskeie taalkeuses om sy identiteit bekend te stel. Talle voorbeelde is genoem waar *Tsotsi* byvoorbeeld Flaaitaal gebruik om te wys dat hy 'n ware *tsotsi* is of om deel van die groep te wees of selfs om aan ander sprekers 'n duidelike boodskap oor te dra dat hy hom van hulle distansieer.



## HOOFSTUK 5

### SLOT

In hierdie studie is taalkeuse as merker van identiteit in die rolprent *Tsotsi* bespreek. Hiermee is verskeie aspekte van die taalvariëteite wat in die rolprent gebruik word, onder andere Flaaitaal, aangeraak. Die storielyn van die rolprent is in sy geheel bespreek sodat die leser 'n agtergrond kry van die gebeure en verstaan as daar na voorbeelde verwys word. In die tweede hoofstuk is 'n bespreking van die sentrale teoretiese aspekte van die studie gegee. Met die klem op taalverskeidenheid in Suid-Afrika as vertrekpunt en om verder daarop uit te brei, is ook aandag gegee aan spesifieke aspekte van Flaaitaal/Tsotsitaal. Die keuse van 'n variëteit het 'n groot invloed op die identiteitsmarkering in gebiede en situasies waarin 'n spreker 'n keuse moet maak. Die oorsprong van Flaaitaal en die eienskappe van sy sprekers is bespreek. Dit is belangrik om na die agtergrond van 'n taal te kyk en die geskiedenis van Flaaitaal te verstaan voordat ons sal besef waarom sekere mense in sekere kontekste die taal (ver)kies. Verder is daar kortliks na verskille en ooreenkomste tussen Flaaitaal en Afrikaans, en tussen Flaaitaal en ander tale gekyk.

In hoofstuk drie is daar op die taalkeuses self gekonsentreer. Die teoretiese raamwerk lê klem op die onderskeid tussen taal en taalkeuse as identiteitsmerker. 'n Belangrike vraag wat uit hierdie hoofstuk spruit, is of my gedrag gemarkeer of ongemarkeer is. Die navorsing wat veral uit Saville-Troike (1982) kom, bespreek hierdie aangeleentheid met voor-die-handliggende voorbeelde. Hierdie hoofstuk bespreek ook watter faktore 'n invloed op 'n taalkeuse kan hê. Volgens die navorsing het hierdie feite klaarblyklike toepassingswaarde vir almal wat by kommunikasie met die tsotsispreker betrokke is. Die identiteit en etnisiteit van die sprekers word bepaal deur die taal wat hulle praat. Die taalkeuse wat gemaak word in 'n sosiale situasie hang van die spreker af. Hoofstuk vier sit die analisering van taalkeuses in die rolprent *Tsotsi* uiteen. Die bevindinge van die funksies van verskillende taalkeuses bied interessante insigte oor die taalkeuses in die rolprent *Tsotsi* en die siening van taalkeuse as identiteitsmerker. Indien die redes vir die keuse van 'n taal en die funksies wat gepaardgaan met dié keuse verstaan word, sal die rolprent *Tsotsi* en taalkeuses wat deur die betrokke sprekers gemaak word ook beter verstaan word. Verskeie kontekste uit die rolprent *Tsotsi* is as voorbeelde gebruik om

die keuse van 'n taal te demonstreer. Taalkeuse as kultuurmerker dui op jou belangrikheid as individu in jou eie kultuur en gemeenskap. Die taalkeuse as sosiale meganisme sluit aspekte van sosiale afstand en uitsluiting in. Elke individu wil tog tot 'n sosiale groep behoort. Die laaste gedeelte van hoofstuk vier konsentreer op die invloed wat taalkeuses op veral Tsotsi maar ook ander sprekers in die rolprent gehad het.

'n Spreker sal 'n spesifieke taal kies omdat die spreker die taal as identiteitsmerker wil gebruik. Die situasie waarin die spreker hom-/haarself bevind stel die spreker in staat om die keuse te maak. Die voorbeelde wat uit die rolprent *Tsotsi* aangehaal is bied 'n duidelike beeld van 'n taalkeuse as identiteitsmerker. Op grond daarvan kan daar van die punt uitgegaan word dat elke spreker sy/haar taalkeuse maak met die doel om aanvaar te word in 'n sosiale omgewing of om deel van 'n bepaalde groep sprekers te wees. Die taalkeuse bepaal die spreker se identiteit in 'n groep.

Laastens moet altyd in gedagte gehou word dat elke spreker sy eie identiteit en taal of tale het, en sy eie taalkeuses maak. Die gebruiksfêre van Flaaitaal is die informele gesprek, dit is 'n taal waarin mense ontspan en wat sprekers gebruik wanneer hulle vrolik en gelukkig voel, wanneer daar misdaad gepleeg word, en ook as hulle tussen goeie vriende is. Die taalgebruik in die rolprent *Tsotsi* lewer goeie voorbeelde van taal se funksie as identiteitsmerker.

## VERWYSINGS

- Branford, J. 1980. *A dictionary of South African English*. Cape Town: Oxford University Press.
- Bothma, C.V. 1952. Die aard en ontstaansoorsake van tsotsi bendes soos gevind in die stedelike gebiede van Pretoria. *Tydskrif vir rasse-aangeleenthede* (2)3: 28-30.
- Brynard, K. 1988. Taal met baie tonge. *De Kat* 3(4): 26-30.
- Du Plessis, H. 1991. *Variasietaalkunde*. Pretoria: Serva Uitgewers.
- Edwards, J. 1994. *Multilingualism*. Routledge: Penguin Books Ltd.
- Fugard, A. 1980. *Tsotsi*. Johannesburg: AD Donker Publishers.
- Hauptfleisch, T. 1990. From the Savoy to Soweto. *The shifting paradigm in South African theatre* 2(1): 355-365.
- Halliday, M.A.K. 1985. *Spoken and written language*. Victoria: Deakin University.
- Liebenberg, J. 2006. Tsotsi – eksterne weergawe van grootwoord. *Beeld* 3. Media 24 Beperk.
- Makhudu, K.D.P. 1995. An introduction to Flaaitaal. In R. Mesthrie (ed). *Language and social history*. Cape Town: David Philips. pp. 298-305.
- Mesthrie, R. 1995. *Language and social history*. Cape Town: David Philips.
- Mesthrie, R. 2002. *Language in South Africa*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Msimang, C.T. 1987. Impact of Zulu on Tsotsitaal. *South African Journal of African Languages* 7(3): 82-86.
- Pütz, F. 1997. *Language contact and language conflict*. Amsterdam: Benjamins.
- Saville-Troike, M. 1982. *The ethnography of communication*. Oxford: Basil Blackwell.
- Schuring, G.K. 1981. *Die basilek van Flaaitaal*. Tydskrif vir Geesteswetenskappe 21(2): 122-130.
- Slabbert, S. 1994. A re-evaluation of the sociology of tsotsitaal. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde* 1(12): 31-39.

## Bylaag: Enkele terme en sinne in Tsotsitaal

1. kop, arra, sewentien, speiler  
"polisie"
2. koek, sop, brrr  
"bier"
3. mint, tsieng, koraal, baks  
"geld"
4. joelat, joelyt, molyt  
"werk"
5. absiet  
"nee"
6. amfô  
"man/broer"
7. Gha 'n man da' 'n klip mfô  
"Gee 'n man 'n sjieling, broer."
8. Da' rêtsj ons hom en mang hom kwi, mang hom bul.  
"Dan storm ons hom en val hom aan."
9. Da' ga' ons die hele koraal somme' so ghiedieng. Is hy 'n hard-hieta, 'n tsjaap-  
tsjoela.  
"Dan neem ons al die geld af. Is hy sterk dan."
10. speel ons hom 'n blyt  
"steek ons hom met 'n mes"
11. Jy gha die triegha en whiewhiet die ngamla  
"Jy kan nie motor bestuur nie."
12. Die wat kawwer hulle tôtsjiengs nou.  
"Jy vat die pistool en hou die swart man aan."
13. Ek lospit moet te ghloup moet stander I.  
"Ek is by stander I uit die skool uit."

14. Ek was toe 12, of mybie oud.  
"Ek was toe 12, 13 of 14 jaar oud."
16. Toe ons sien die kops gaan ons zônônô maak, toe tsjoet Tsotsi ons die rede, ons moet die hansj nou so-en-so ran en toe rensj ons.  
"Toe sien ons dat die polisie ons gaan vang, toe sê Tsotsi ons moet nou so en so te werk gaan en toe vorm ons 'n bende."
17. Hulle tiesj almal in Softown.  
"Hulle woon almal in Sophiatown."
18. Ons ran die hansj nou net op konynen.  
"Ons doen dinge nou net terwille van geld."
19. Tsotsi is die sjot.  
"Tsotsi is die leier."
20. eis  
"lekker"
21. foeng  
"tabak, sigaret, rook"
22. fozieksgaan  
"baklei"
23. feem  
"familie"
24. hansj ran  
"dinge doen"
25. hieta  
"'n groet of aanspreekvorm"
26. ghraft  
"steel"
27. Da' prrr ons ap ton-toe.  
"Dan gaan ons stad toe."
28. As ons da' kom ons jag en soos moesjoes.  
"As ons daar kom speel ons met 'n dobbelsteentjie."
29. Kom ons by die koektiesj, sê ons: Asjê Mam. Ons norag sop.  
"Kom ons by die drink huis, sê ons: Ansjê Mam. Ons wil hier hê."
30. Da' gan ns nou koraal wandel.  
"Dan gaan ons geld soek."

31. Ons slaan 'n moegoe strouk.  
"Ons beroof 'n dom persoon."
32. Ons gan nie ans soos topsal nie.  
"Ons beroof nie 'n ouman nie."
33. motsieng  
"Tsotsi"
34. sharp oukie  
"goeie/gawe seun/man/ou"
35. manners  
"broer"